



Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompass



Jaargang 19 no 5
Mei 2010

- Die vrug van die Gees in ons lewe 2
- Individualisme in die kerk 4
- Rein en onrein 5
- Kerknuus 8
- Idelete de Bure, vrou van Calvyn 9
- My seun, vergeet my onderwysing nie 12
- Die Franse Rewolusie II .. 14
- Onderhoud met die uitgetrede eindredakteur 17
- Ri khou sokou sea (Ons lag sommer) 19
- Interkultureel Bybel lees .. 20
- Die KKNK 22
- Reaksie: Is Gereformeerdes nog relevant in die 21ste eeu? 24
- Boekenuus 27

Ons Tuin

Die mens is geroep om die skepping van die Here te bestuur. Die skepping gaan egter gebuk onder die sondes van die mens. Ons as kinders van God kan skynbaar nie veel doen aan die enorme skade wat die mens aan die skepping aanrig nie. Daar is groot ondernemings en ekonomiese belange wat meeding om natuurlike hulpbronne. Hulle het die mag op aarde om oor besoedeling, verwarming, ensovoorts te kan besluit, met verreikende gevolge. Wat kan ons as individue doen? Op ons beskeie manier kan ons tog baie doen. Kom ons kyk na ons roeping in die tuin waarin ons leef. God het Adam en Eva geskep en in 'n pragtige tuin laat woon. Dit was vol bome en plante waarvan die mens kon eet. 'n Pragtige stroom water het daardeur gevloei. Die mens is as gevolg van sy sonde daaruit verdryf. Tog bly God se opdrag vir die mens om te bestuur en mooi te maak, staan. God het ook sy heilswerk baie keer in tuine gedoen. Dink aan die graf en die opstanding van Christus in die tuin van Josef van Arimatea en die stroom water wat uit die troon van God en van die Lam kom. Langs die stroom is daar baie lewe, bome en plante. Die boom van die lewe, waarvan die blare nie sal verdor en die vrugte nie sal opraak nie, is daar. Elke maand sal hulle vrugte dra. Hulle vrugte sal wees om te eet en hulle blare om te genees.

Ons tuin op aarde kan nooit die paradystuin wees nie, maar dit kan 'n lushof wees met allerhande plante en bome waarin God se geveuelde diertjies en ander klein diertjies kan rondbaljaar. Waarin ons die groeikrag wat die Heilige Gees gee, ervaar met die wisseling van seisoene. Ons kan God se almag in ons tuine sien: die groeikrag, die skoonheid, die vermoë om vir ons suurstof in 'n besoedelde stad te gee, die balans in die natuur wat die Here gee.

As die Here in die heilsgeskiedenis die natuur so baie inspan (dink aan Job en die Psalms), moet ons Hom nie navolg in die klein stukkie tuin wat Hy ons gee nie? God gee gewoonlik die kragte en hulpbronne om die tuin te bewerk. As ek nie weet wat om te plant en waar nie, kry gerus advies en raad by 'n kweker of 'n vriend of broer en suster. In Suid-Afrika leef ons te midde van 'n groot verskeidenheid bome en plante. Laat ons van hulle plant en deur die versorging daarvan die wonder van God se skeppingshande sien en ervaar.

Die nommer van *Kompass* wat voor u lê, dek 'n verskeidenheid van onderwerpe. Van die gawes van die Heilige Gees wat aan ons gegee word tot die Rewolusie in Frankryk 'n paar honderd jaar gelede. Daar is soveel parallele tussen die Franse Rewolusie en dit wat in ons land gebeur. *Kompass* wil ook opbouende kritiek stimuleer. Daarom 'n brief van twee van ons lesers en ook die repliek daarop deur 'n skrywer. *Kompass* sluit af met 'n kritiese bespreking van die Klein Karoo Nasionale Kunstefees. Lekker lees!

Prof Hans Boon

DIE VRUG van die GEES IN ONS LEWE

Uit die Bybel

Die Gees se inwoning

Watter effek het die inwoning van die Heilige Gees in ons lewens? Watter praktiese uitwerking sien ons daarvan? Hoe verander dit ons lewe, ons denke en ons gedrag?

Ons weet dat God se Gees in ons as gelowiges woon. Dat Hy aan ons gegee is om ons te lei, te onderrig, te troos, te versterk en wysheid te gee. Dit doen Hy sodat ons die sonde kan afsterf en meer en meer die beeld van Christus kan vertoon. Die Gees wil ons mooi maak vir God en mense. Hy wil die pragtige vrug van die Gees in ons bewerk.

Enkelvoud

Die vrug van die Gees staan teenoor die werke van die vlees (vers 19). Terwyl die vrug van die Gees in die enkelvoud genoem word, praat Paulus van die werke van die vlees, in die meervoud. Die sondes is baie en veelvormig. Maar die vrug van die Gees is, in al sy fasette, een wonderlike vrug. Dit is soos 'n diamant wat baie slypvlakke het. Al die vlakke saam vorm die edelsteen, maar elke vlak help om die ware glans van die een steen te laat skitter. Die vrug van die Gees vorm 'n eenheid. Daardeur is dit onmoontlik dat ek as Christen net een deel van die vrug sou besit. By elke Christen word al die fasette in meerdere of mindere mate sigbaar.

Werke

Die uitdrukking "werke van die vlees" benadruk ons eie sondige dade. Werke is iets wat ek doen. As ek die werke van die vlees doen, is ek self verantwoordelik daarvoor. As daar by my die werke van die vlees aanwesig is, soos seksuele sondes, losbandigheid, afgodery, vyandigheid, rusie, jaloesie, woede, verdeeldheid, partyskappe, afguns, dronkenskap, wilde partytjies en dergelike dinge, dan moet ek die volle verantwoordelikheid daarvoor aanvaar. Dit is werke, eie dade.

Dit is 'n belangrike waarheid in ons tyd. Mense wil dikwels die sondes as vrugte sien. Vrugte wat vanself groei, waarvoor jy nie verantwoordelik gehou kan word nie. Byvoorbeeld: Ek is nou eenmaal opvlieënd, ek het nou eenmaal 'n swak vir drank, vir vrouens, ens. Dit word dan gesien as vrugte van die opvoeding, vrugte van die omstandighede, vrugte van die samelewing. Dit kan waar wees dat die een sonde 'n ander sonde uitlok. Maar elke sonde wat ek

doen, is werke van die vlees, werke waarvoor ek die volle verantwoordelikheid moet aanvaar.

Genade

Teenoor die werke van die vlees noem Paulus die vrug van die Gees. 'n Vrug is iets wat groei, nie iets wat jy self maak nie. Onopgemerk groei 'n vrug aan 'n boom. As jy daarby staan, sien jy geen vordering nie en tog gaan die groeiproses voort. Selfs wanneer storms woed.

As God nie vrugte vind nie, draai Hy nie onmiddelik sy rug op my nie.

Die woord vrug is vir ons 'n troosryke woord. Dit benadruk God se genade. Soos die boom vrugte dra, so mag ons ook die vrug van die Gees dra. Werke wys op eie inspanning en prestasie. Vrug wys op God se genade. Die Gees bring die vrug tot stand. Die vlees doen die werke. Die Gees gee vrugte. Vir die eerste kla ons onself voor God aan. Vir die tweede dank ons God.

Die proses

Die Bybel praat herhaaldelik van hierdie proses van vrug dra. Dink aan Psalm 1. Daar word van die man wat nie wandel in die raad van die goddelose nie, maar behae in God se wet het, gesê: "Hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie." Daarteenoor word van die goddelose mense gesê dat hulle soos kaf is wat die wind verstrooi. Die profeet Jeremia het ongetwyfeld Psalm 1 in gedagte wanneer hy in Jeremia 17:5, 6 die man wat op die mens vertrou en die man wat op die Here vertrou teenoor mekaar stel. Die wat op die Here vertrou, sal groei en vrugte dra.

In Lukas 13:6-9 lees ons die gelykenis van die onvrugbare vyeboom. 'n Man het 'n vyeboom in sy wingerd geplant, op 'n vrugbare plek waar die vyeboom alle sorg en aandag kry. Met ander woorde: God het my, sy kind, in sy kerk 'n plek gegee. Daar word ek as kind van God deur sy Woord, deur die ampsdraers en medegelowiges gevoed, versorg en beskerm. Met betrekking tot daardie vyeboom lees ons dat die boer na drie jaar vir sy tuinier sê: "Kyk, drie jaar kom ek om vrugte aan hierdie vyeboom te soek en ek kry niks nie; kap hom uit." Die tuinier

kan dit nie oor sy hart kry nie en vra of hy dit nog een keer mag probeer met ekstra versorging. As daar dan nog geen vrugte aan die vyeboom kom nie, dan bly daar geen keuse oor as om dit uit te kap nie. Hierdie gelykenis wys daarop dat God vrugte soek. Daardie vrugte word egter nie onmiddellik verwag nie. Dit het tyd nodig om te groei. God het ook baie geduld. As God nie vrugte vind nie, draai Hy nie onmiddellik sy rug op my nie. Hy bly na my toe kom, my geduldig versorg. Hy gee my die tyd om geestelik te groei om goeie vrugte te dra. Maar as daar na baie jare se geduld geen vrugte is nie, selfs nie 'n klein teken daarvan nie, dan is daar geen plek vir sulke Christene in sy koninkryk nie.

Die Gees se werk

Die vrugte kom nie sommer te voorskyn nie. Die Gees laat dit groei. Vrug is gevolg van iets wat deur God in my gedoen word. Daar is geen ander manier om vrug te dra nie. Sien hier die verbinding tussen wedergeboorte en heiligmaking. Die een kan nie sonder die ander nie. Daar is ook geen spanning of konflik tussen God se soewereiniteit en ons menslike verantwoordelikheid nie. Heiligmaking is mos die werk van God waardeur Hy ons na sy beeld vernuwe en ons in staat stel om meer en meer die sonde af te sterf en na sy wil te lewe.

Verantwoordelikheid

Die woord *vrug* benadruk God se werk. Die Gees bring die vrug tot stand. Ons mag vrug dra. Tog is daar ook 'n menslike kant aan die saak. In die vrug dra is ek as mens nie ledig nie. Op watter wyse is ek dan daarby betrokke? Wat is my verantwoordelikheid? In die beeld van die wynstok in Johannes 15 roep Christus op om in Hom te bly. "Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie" sê Christus, en "wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug."

Die gelowige put voortdurend sy krag uit die bron van lewende water, God, sy Woord of Jesus Christus.

Wat is die geheim van vrug dra? Dit is die verborge bron van lewe. Psalm 1 en Jeremia 17 praat van die gelowige dat hy soos 'n boom is wat by water geplant is. Wat doen dan die gelowige? Psalm 1 sê dat sy behae in die wet van die Here is en dat hy dit dag en nag oordink. Jeremia 17 noem dat hy op die Here vertrou. Die gelowige put voortdurend sy krag uit die

bron van lewende water, God, sy Woord of Jesus Christus. So laat die Gees die vrug groei. Ons kry in Galasiërs 5 die opdrag om te wandel (te leef) deur die Gees. Indien ek myself aan die leiding van die Gees onderwerp, dan werk die Gees sy vrug in my lewe.

In Galasiërs 6:8 wys Paulus op ons verantwoordelikheid om in die Gees te saai. "Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai." Vir die groei van die vrug is die Gees onontbeerlik. Ons praat dan ook van die vrug van die Gees. Maar die groei het ook te make met wat ek as gelowige doen of nie doen nie.

Ek kan in die vlees (of op die akker van my sondige natuur) gaan saai, d.w.s. ek kan aan die begeertes van my sondige hart toegee, my sondige gevoelens en gedagtes gaan streel deur wat ek lees of deur die dinge waarna ek kyk. So laat ek dan slegte gewoontes posvat en bederf ek my karakter.

Moenie tou opgooi nie. Vertrou op God.

Ek kan egter ook in die Gees (of op die akker van die Gees) gaan saai. Ek investeer, so te sê, in God en sy Woord, ek soek God en bou op Hom, ek wandel in die gesindheid van die Gees. So ontstaan daar goeie gewoontes in my lewe wat weer lei tot goeie karaktereenskappe. Die vrug van die Gees word meer en meer sigbaar. Ek sal dan uit die Gees die ewige lewe maai, sê Paulus.

Belofte

In aansluiting op daardie woorde oor saai en maai, bemoedig Paulus ons vervolgens in Galasiërs 6:9 met die woorde: "En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie." Hoe dikwels worstel ons nie met die sondes in ons hart en lewe nie? Hoe dikwels worstel ons nie met sekere karaktereenskappe nie? Sal daar ooit iets teregkom van die nuwe lewe, van die rype vrug van die Gees? Maar dan gee God die belofte: op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie. Daarom: Moenie tou opgooi nie. Vertrou op God. Bly jou krag in Christus soek, in sy Woord, in sy Gees. Leef uit die volheid van Christus. En die vrug sal groei.

Ds C Kleijn is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Johannesburg.

Individualisme in die kerk

Leer & Lewe

In die Desember 2009-uitgawe van *Kompas* is verslag gegee van die ICRC-vergadering in Oktober 2009. In die verslag is verwys na lesings wat tydens die vergadering aangebied is onder die hoofteema: "Die Vitaliteit van die Gereformeerde geloof". In hierdie artikel word die leser se aandag gevra vir 'n lesing wat oor individualisme in die kerk gehandel het. Die lesing, met die titel "Facing the Challenge of Individualism in Church Life", is aangebied deur dr Nelson D Kloosterman, professor in Etiek en Nieu-Testamentiese Studies aan die Mid-America Reformed Seminary, Dyer, Indiana in die VSA.

Individualisme affekteer die hart van die kerk

Tydsgees

Dr Kloosterman het begin met die stelling dat die 'self', die eie ek, in vandag se Westerse filosofie, politiek en kultuur die basis geword het op grond waarvan ons omgewing en omstandighede beoordeel word. Hy beskryf dit as: "die outonome self word die sentrum van die werklikheid soos die mens dit ervaar, die bron van die betekenis en waarde van ons lewe en die norm vir goed en sleg".

Om die ontstaan van die situasie en die impak daarvan goed te kan verstaan, het hy die eienskappe van die verskillende generasies na die tweede wêreldoorlog opgesom. Daarby het hy op die situasie in die VSA gefokus, maar wat hy daarvoor gesê het, is waarskynlik tot 'n groot mate ook van toepassing op die res van die Westerse wêreld.

Die eerste generasie wat hy bespreek as een van die generasies wat 'n groot impak op vandag se tydsgees gehad het, noem hy Generasie X. Die lede van hierdie generasie is gebore tussen 1965 en 1976 en, in teenstelling met die voorgaande generasie, die "baby boomers", groei hierdie groep jongmense op in 'n omgewing waarin werkende ma's en 'n toenemende aantal egskedings 'n situasie geskep het waarby baie skoolkinders ná skool na 'n leë huis terugkeer en aan hulself oorgelaat is, die sogenaamde "latchkey kids". As gevolg van dié omstandighede ontwikkel die lede van Generasie X 'n afkeer van enige gesag en van rigiede riglyne. Verder het hulle 'n baie pragmatiese lewenshouding en die beskerming en bevordering van hul eie posisie is 'n prioriteit. Die daaropvolgende generasie, die "Millenials", is gebore tussen 1977 en 1998. Van hierdie generasie

sê Kloosterman dat hulle opgegroeï het tydens die mees kind-gesentreerde tyd in die geskiedenis van die Weste. Moontlik as gevolg van die oormatige aandag vir die kinders en die hoë verwagtings van die ouers, het hierdie generasie 'n oordosis van selfvertroue. Tegnologie is 'n belangrike deel van hul lewe. Hulle is gewoonlik goeie spanwerkers en hulle is meer bereid om leiersposisies en gesag te aanvaar as Generasie X, maar wel met die voorwaarde dat dit moet dien om die eie self te bevorder.

Effek op die kerk

Lede van Generasie X en die Millennial-generasie vorm vandag waarskynlik die meerderheid van die kerklidmate en ons moet aanvaar dat die meeste van hulle aan bogenoemde ontwikkelings blootgestel was. Het dit 'n invloed gehad op hul geloofsbeleving en benadering van geloofsverwante sake?

Volgens Kloosterman affekteer individualisme die hart van die kerk. Hy wys daarop dat die historiese taal van die Christendom baie maklik gemanipuleer kan word om diensbaar te wees aan die verering van die eie ek. Die doel en boodskap van dié religie is dan selfrespek, selfaanvaarding, liefde vir jouself en vergewing vir jouself. Op dié manier bestaan die kerk om die eie ek te dien. Vir baie moderne Christene is 'n kerkverband onbelangrik. Dogmatiese leerstellings is maar net nog 'n vorm van magsmisbruik. Eie 'geloofservarings' word belangriker geag as Bybelse leerstellings. Onder die invloed van individualisme word die kerk se genademiddele (prediking en sakramente) en openbare eredienste beoordeel in terme van selfbelang, selfuitdrukking en selfontploffing.

Op dié manier bestaan die kerk om die eie ek te dien

Christelike terminologie word dan nog steeds gebruik, maar met 'n ander betekenis. Sonde en skuld is dinge wat jou selfrespek ondermyn. Verlossing is die proses wat jou in staat stel om jouself te verwesenlik. Die evangelie is die blye boodskap wat jou persoonlik van 'n voorspoedige en gelukkige lewe verseker. Christelike vryheid word verabsoluteer en as 'n argument gebruik om alle gesag af te wys. Vervolgens toon Kloosterman aan dat die evangeliese bewegings van vandag 'n geleentheid bied vir die

akkomodering van individualisme in die kerk. Ondanks die feit dat baie evangeliese gelowiges ernstig is oor sake soos die onfeilbaarheid en betroubaarheid van die Bybel en ander sake, is daar drie kenmerke van die evangeliese beweging waardeur 'selfdiens' geakkomodeer kan word. Eerstens die stelling dat elkeen se eie vertolking van die Bybel reg is. Vandaar die afkeer van belydenisskrifte. Tweedens word persoonlike bekering en wedergeboorte, as bewys van die Gees se werking in die individu, oorwaardeer ten koste van God se werk vir sy hele volk. Dit gee daartoe aanleiding dat persoonlike, subjektiewe ervarings as meer normatief beskou word as objektiewe Bybelse waarheid.

Derdens word kerkkeuse onderbeklemtoon met die gevolg dat mense vir dié kerk kies wat aan hulle eie vereistes voldoen.

Wat van ons en ons susterkerke?

Eredienste in gereformeerde kerke regoor die Westerse wêreld is jarelank gekenmerk deur 'n redelike mate van eenvormigheid. Veral in die kerke waarmee ons as VGKSA susterkerkrelasies het, was dit die geval. Maar die laaste jare wil dit voorkom of die eenvormigheid begin verbrokkel. Veral in ons Nederlandse susterkerke sien ons dat alternatiewe eredienstevorme uitgetoets word. Sommige van die gewysigde eredienste word gekenmerk deur 'n groter betrokkenheid van die gewone lidmate in die dienste. Dit laat 'n mens wonder wat die dryfveer agter hierdie sug na verandering is.

Veranderings in die orde van eredienste is nie noodwendig 'n verkeerde ding nie. Dit is slegs 'n middel om 'n doel te dien en die hoofdoel is om as gemeente ons Hemelse Vader te eer.

Daar is waarskynlik ander eredienstevorme moontlik waardeur die doel ook bereik kan word.

Maar in die lig van wat hierbo geskryf is, moet wel gevra word of die behoefte aan verandering, of die afwysing van veranderings, gedryf word deur 'n behoefte aan Gods-diens of aan self-diens.

Word die behoefte aan verandering, of die afwysing van veranderings, gedryf deur 'n behoefte aan Gods-diens of aan self-diens?

Kloosterman verwys na 2 Timotheüs 3:1-5: "Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, ... mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het."

Slot

Dit is nie die bedoeling om te oordeel oor dinge wat in ons susterkerke aangaan nie. Laat ons maar eers by onself begin. Ons is mos ook van nature geneig tot self-diens? Laat ons dankbaar wees vir die geleentheid wat ons deur die ICRC het om te kan beskik oor lesings soos dié van dr Kloosterman, want dit kan ons help om "die geeste op die proef (te stel), of hulle uit God is" (1 Joh 4:1).

***Kees Roose** is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*

REIN en ONREIN

- eenvoudige reëls vir 'n gesonde bestaan

Wetenskap & Tegnologie

"Alles wat roer en lewe, sal kos wees vir julle", sê God vir Noag (Gen 9:3). "Niks wat van buite af in 'n mens ingaan, kan hom onrein maak nie", sê Jesus vir die menigte in Markus 7. Hoekom het God dan vir Moses die streng voedselwette gegee (Lev 11)? Om 'n beter insig daarin te kry, moet ons eers 'n beter insig kry in die manier van lewe van die Israëliete.

Gesondheid in 'n onontwikkelde wêreld

In die tyd waarin die voedselwette gegee is, het mense baie nader aan diere gelewe. Hulle het dikwels in dieselfde ruimte as hulle diere geslaap;

hoenders, varke, bokke en beeste was deel van die lewe van elke dag. Muise en rotte was volop, net soos insekte; daar was nog geen moderne middels en tegnieke om die ongediertes te bestry nie.

In Israel kan die temperature in die somer tot rondom 40 grade word; vleis kan binne een dag bederf en moet dus vinnig gaargemaak en geëet word. Daar was in die Bybelse tyd ook baie siek diere, omdat daar min of geen kennis was om siektes onder diere te bestry nie.

Vleis is gewoonlik gaargemaak op oop vure; die gevolg daarvan is dat die vleis nie voldoende


verwarm word om bakterieë en parasiete dood te maak nie; dit het ook te doen gehad met die moeite wat dit gekos het om voldoende brandhout te versamel.

“Alles wat roer en lewe, sal kos wees vir julle”

Mense het verder nie insig gehad in die higiëniese bereiding van voedsel nie. As gevolg van al hierdie omstandighede was siektes, veroorsaak deur kontak met siektekieme en bederfde kos, baie wydverspreid.

Voedselwette 'n versameling van menslike kennis?

Dis opvallend dat baie van die wette nie gebaseer is op menslike kennis en ervaring nie. Daar is byvoorbeeld geen wette oor watter plante geëet mag word of verbied is nie. Baie van die voorskrifte lyk maar willekeurig: hoekom mag daar nie insekte geëet word nie, maar wel sprinkane en krieke? Hoekom wel bokke, maar nie varke nie? Hoekom mag 'n mens die meeste voëls eet, maar nie 'n hoep-hoep of roofvoëls nie?



Met ons huidige insig in higiëne kan ons terugkyk en die wysheid in die voedselwette raaksien. Die wette dien veral die algemene gesondheid van die volk en die bewaring van die ewewig in die natuur. Sommige diersoorte se vleis is as voedsel baie gevaarliker as andere diersoorte s'n. Sommige diersoorte is weer baie nuttig om plaë van insekte en ander ongediertes teen te gaan.

Groot landdiere en rondewurm-infeksies

Al die herkouters mog geëet word (beeste, skape, bokke, kameelperde, ens). Dit blyk dat die meeste diersiektes en parasiete by hierdie soort diere tydens die slag daarvan met die blote oog gesien kan word. Die vleis van slagdiere is baie goed ondersoek vir tekens van parasiete, verwondings, ontstekings, en so meer. Enige afwyking was voldoende om die dier onrein te verklaar.

Vleisetters soos leeus, honde, katte en bere was verbied, asook die alleseters soos varke en rotte. Rondewurm (trichina) is 'n wyd voorkomende parasiet wat baie ernstige siektes kan veroorsaak, soms selfs dodelik. Veral as die mens herhaaldelik met besmette vleis in aanraking kom, is die gevaar van besmetting baie groot.

Rondewurm is eers in die 19e eeu herken as oorsaak van die simptome van trichinosis.

Rondewurm is eers in die 19e eeu herken as oorsaak van die simptome van trichinosis. Die enigste praktiese teenmaatreël is om te sorg dat die vleis tot 75 grade verhit word, wat nie maklik is op oop vure of as daar 'n gebrek aan brandhout is nie. Ons weet vandag dat rondewurms onder andere voorkom in varke, honde, leeus, jakkalse, dassies, knaagdiere, perde, seekoeie en kamele. Die reël om net herkouters te eet, blyk dus 'n baie eenvoudig maatreël te wees om die gevaarlike siekte trichinosis te voorkom.

Varke

Varke word al baie lank as huis- en plaasdiere aangehou. Hulle eet alles: afval, insekte, siek en dooie diere, dooie rotte, en so meer. Saam met die leefgewoontes van varke lewer dit ideale omstandighede om siektes te versprei. Behalwe trichinosis is ook die varklintwurm 'n baie gevaarlike parasiet. Die eiertjies van hierdie wurm kan groot skade in die menslike liggaam veroorsaak en op die lange duur tot die dood lei. Veral in 'n wêreld waar dit gebruiklik was om menslike uitwerpsels te gebruik vir die bemesting van groentes, was hierdie lintwurm 'n groot gevaar vir die gesondheid.

Voëls en die bestryding van ongediertes

Levitikus 11 noem 'n hele aantal voëls wat nie geëet mag word nie; daar bly egter nog baie meer oor wat wel geëet kon word. Aasvoëls was in baie warm lande reeds 'n beskermde soort, omdat hulle 'n groot rol gespeel het in die opruiming van kadawers en aas.

Die beskerming van roofvoëls was egter uniek vir Israel. Eers redelik onlangs het die mensheid agtergekom dat roofdiere 'n baie belangrike rol speel by die bestryding van peste soos rotte en muise. Ooievaars eet nie net vis nie, maar veral baie sprinkane en ook muise. In die ou Bybelvertaling word die ooievaar dan ook vertaal met "groot-sprinkaanvoël". Visvangers en hoep-hoepe eet ook baie insekte en veral sprinkane. Vlermuise is van die grootste insekte-etters; bowendien kan hulle ook self gevaarlik wees om te eet, omdat hulle hondsdoelheid kan oordra. Hier sien ons dat die voëls wat onrein verklaar is, 'n baie groot rol gespeel het in die bestryding van ondiere en plae.

Visse met vinne en skubbe

Van al die diere in mere, riviere, moerasse of die see mog net visse met vinne en skubbe geëet word. Hierdie visse kom veral voor in gesonde, stromende water, en is oor die algemeen goed om te eet. Die ander 'gewemel van die water' is dinge soos mossels, krappe, slakke, palings, haaie en so meer. Een van die redes hoekom hierdie diere verbied is, is dat hierdie diere vinniger as enige andere dier se vleis aan bederf onderhewig is. Skulpdiere soos mossels kry hulle voedsel deur die water te filtreer, onder andere van skadelike organismes. Dit maak skulpdiere gevaarliker om te eet. In die geval van varswatermossels het die eet daarvan op groot skaal baie nadelige gevolge vir die waterkwaliteit, omdat mossels 'n belangrike rol speel in die filtrering van water.

Sprinkane en krieke

Van al die insekte mog net sprinkane en krieke geëet word. Hulle eet net plantaardige voedsel en dra nie kieme of parasiete oor nie. Sprinkane bevat baie proteïene, en die derms van sprinkane is gevul met plantaardige stowwe en is baie ryk aan vitamïene.

Deur die eet van bepaalde diere te verbied, is die nadelige invloed van baie voorkomende infeksies en siektes sterk verminder.

Wemelende ongediertes

Molle, muise, akkedisse, geitjies, verkleurmannetjies en ander klein reptiele, slange, paddas, spinnekoppe, rotte was almal verbode. Hoekom word daar so sterk nadruk gelê op hierdie klein diere? Sommiges soos rotte en muise kan gevaarlike kieme en parasiete oordra. Baie van die ander is van onmisbare belang

in die bestryding van plae soos rotte, muise en sprinkane.

Aas eet

"Julle mag geen aas eet nie..." en "julle mag nie vleis eet wat in die veld verskeur is nie...": aanhalings uit Deuteronomium en Exodus. Ook hier is dit baie praktiese reëls; diere wat dood gevind word, het dikwels gesterf as gevolg van 'n ernstige siekte. Diere wat verskeur is, is waarskynlik aangeval omdat hulle alreeds verswak was, moontlik as gevolg van siekte. In altwee gevalle lê die dier moontlik reeds lank in die veld en is net daarom al gevaarlik om te eet.



Varklintwurm

Bloed

In Levitikus 17 word dit verbied om bloed te eet. Bloed is deur die volke rondom gebruik in hulle godsdienstige praktyke, en dit is seker ook 'n rede hoekom dit verbied is. Daar is egter ook praktiese redes: bloed van diere kan krioel van siekteverwekkers en larwes van parasiete. Dit vorm 'n baie goeie voedingsbodem vir siekteverwekkende organismes.

Vet

"Géén vet van 'n bees of skaap of bok mag julle eet nie", sê Levitikus 7. Mense was daarvan oortuig dat dierlike vet 'n gesonde ding was. Dit was ook 'n teken van oorvloed en is met baie smaak gebruik. Ons is vandag baie bewus van die gevare wat 'n oormatige verbruik van dierlike vet veroorsaak. Hart- en bloedvatsiektes is een van die grootste oorsake van sterftes in ons moderne maatskappy. Dierlike vette speel ook 'n rol by siektes soos diabetes, kanker en artritis.

Praktiese reëls vir 'n gesonde bestaan en 'n balans in die omgewing

In die onontwikkelde maatskappy waarin die Israëliete geleef het, het die voedselwette 'n aantal een-

voudige reëls gegee om te sorg dat die omstandighede so gesond as moontlik is. Deur die eet van bepaalde diere te verbied, is die nadelige invloed van baie voorkomende infeksies en siektes sterk verminder. Die verbod op die eet van ander diere het sterk bygedra tot die bestryding van algemeen voorkomende plaë.

Ons kan steeds meer die nut insien van baie van hierdie voorskrifte; namate ons die bestryding van

siektes en parasiete beter verstaan, sien ons hoekom die wette prakties sin gemaak het. Dit is nie 'n versameling van menslike wysheid en ervaring nie, dit is juis omdat die kennis ontbreek het, dat die Here hierdie reëls aan sy volk gegee het.

Lodewijk IJlst is 'n lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.

KERKNUUS

Kerknuus

Nederland - korrespondent : Ds Axel Hagg

"Nie alles wat in Josua staan, het regtig so gebeur nie."

Met bogenoemde opskrif in die koerant die *Nederlands Dagblad*

begin Maart het 'n diskussie in kerklike kringe ontstaan wat die koerant se briewekolom vir 'n geruime tyd deeglik gevul het. Bogenoemde aanhaling kom van dr Koert van Bekkum. In sy proefskrif (na aanleiding van sy *cum laude*-doktorsgraad by die TU in Kampen) beweer hy dat die wonder in Josua 10 nie plaasgevind het soos dit tot op hede altyd uitgelê is nie. Uit buite-Bybelse bronne het hy probeer aantoon dat die beskrywing van die son wat stilstaan net 'n bepaalde manier van vertel is, wat in die Midde-Ooste van dié tyd gebruiklik was om iets groots te beskryf. Sy proefskrif het baie stof opgejaag. Ds Rob Visser uit Dronten reageer hierop deur dr Van Bekkum te beskuldig van Skrifkritiek. Hierin vind ds Visser grotendeels instemming by diverse kollegas soos ds Anne van de Sloot en ds Adrian Verbree. Ds Van de Sloot sien die geskiedenis in Josua 10 as God se daad in die geskiedenis, en nie as 'n soort verhaalstyl nie. Ds Verbree noem dr Van Bekkum se benadering van "wel waar, maar nie regtig gebeur nie" teologies 'n glibberige pad om te gaan. En dus onaanvaarbaar. Ander kollegas, soos o.a. ds Evert Jan Hempenius en prof Gert Kwakkel (dr Van Bekkum se promotor), kom vir hom op deur te sê dat die proefskrif net 'n poging is om op wetenskaplike gronde die geskiedenisbeskrywing in die Bybel te toets. Ook al is dr Van Bekkum nie voltyds predikant nie, is die algemene gevoel egter dat hierdie soort bevindings binne kerklike kringe nie aanvaarbaar is nie. Op universitêre vlak sal daar dus nog gesprekke



moet plaasvind oor die volhoubaarheid van derglike ondersoeke by die Teologiese Universiteit in Kampen.

Ander nuus was dat daar groot ophef was oor bepaalde uitsprake van ds Pier Poortinga by 'n gereformeerde hoërskool in Amersfoort. Hy het saam met ds Adrian Verbree skole besoek om jong manne te stimuleer om predikant te word. Daar is 'n toemende tekort aan predikante in die Gereformeerde Kerk (vrijg) in Nederland. Vir elke tien predikante wat in die komende jare met emeritaat gaan, lewer die TU in Kampen slegs twee nuwe proponente op. Ds Poortinga en ds Verbree probeer dus studente werf deur gereformeerde middelbare skole te besoek. Toe die skoliere in Amersfoort tydens hul besoek egter sê dat predikante in vergelyking met ander beroepe 'n lae salaris kry, in ou motors moet ry, terwyl hulle tog 60 uur per week moet werk, het ds Poortinga dit probeer verwerp deur te sê dat hyself 'n afslaandak-sportmotor en 'n seiljag het. Hierdie benadering het egter nie in goeie aarde geval nie, en uit verskillende hoeke is hierdie soort toeligtig bekritisier. Wat 'n goedbedoelde opmerking was (Poortinga was vroeër direkteur van 'n groot besigheid, vandaar sy welvaart), het onnodig verkeerd te lande gekom. Dit neem egter nie die erns van die situasie weg dat die tekort aan predikante in die GKv in die toekoms problematies gaan wees nie.

Verdere nuus is dat daar 'n versoek deur die GKv in Barneveld-Voorthuizen ingedien is om op die volgende sinode 'n studiekommissie te benoem om te ondersoek of die uitdrukking in Sondag 30, v/a 80 (HK), dat die pouslike mis 'n "vervloekte afgodery is", wel steeds 'n geldige belydenis is. Of die sinode hierdie voorstel gaan aanneem, sal nog moet blyk.

Ander nuus is dat 'n nuwe groep verontruste vrijgemaakte-gereformeerde kerklede in Assen en

omgewing hulle van die GKv afgeskei het. Die groep het besluit om vanaf 11 April selfstandige eredienste te belê in 'n ander kerkgebou. Die woordvoerder van die groep, Douwe Moesker, het gesê dat die groep via een direkte internetverbinding eredienste gaan volg in de Ichthus-gemeente in Kampen of die Matrix-gemeente in Hardenberg. Dit is die twee afgeskeie kerke met wie die groep in Assen hulself verbonde voel, laat Moesker weet. Hoe groot die groep is wat Sondae bymekaar gaan kom, is nie duidelik nie.

Ander nuus is dat die GKv en die Christeljk Gereformeerde kerk (CGK) in Kampen mekaar erken as ware kerke, en vir die eerste keer op 4 April 'n gesamentlike erediens belê het. Aanleiding tot hierdie besluit was die groot Seiljag-byeenkoms wat in Kampen gehou is. Honderde groot seilbote van oor die hele wêreld meer dan vas in Kampen vir 'n groot seilbootskou. Die twee kerke wou tydens hierdie gebeurtenis hande vat om saam besoekers wat behoefte het aan geestelike hulp, op te vang.

Om af te sluit nog 'n opvallende berig: In 'n onlangse koerant staan 'n foto van 'n klomp vrygemaakte jeug wat motors was by hul kerkgebou. 'n Oulike en aansprekende foto, omdat dit my herinner het aan ons eie motorwas-aksies in Pretoria. Die jeug van die GKv in Winsum het dit gedoen as onderdeel van 'n gemeenteprojek met as tema: "God se droom, ons droom". Gemeentelede kon hul name opgee, asook die gewes waaroor hulle beskik, om dit dan op 'n bepaalde Saterdag in te sit vir die gemeente. Die gewes van die gemeentelede is ook op die betrokke Saterdag per bod opgeveil. Gemeentelede kon dus bly op die gewes van ander gemeentelede. Die opbrengs van 1700,- euro is geskenk aan 'n groep jeug uit die gemeente wat in Julie namens "Athletes in Action" na Suid-Afrika gaan. Verder was die projek bedoel om die onderlinge band te versterk en om die gemeente in die dorp meer bekendheid te gee. Die motorwas-aksie en veiling is 'n onderdeel van 'n weeklange projek, waar ook musiekuitvoerings, filmaande, diskussies en lesings aangebied is. 'n Opvallende projek met herkenbare onderdele...

Idelette de Bure, vrou van Calvyn

- 'n vertelling

Geskiedenis & Kerkgeskiedenis

Nee, dit was nie 'n stormagtige romantiese huwelik nie, dié van Calvyn en Idelette. Wel was hulle deurentyd omring deur storms en stryd, die skrale nege jaar wat hulle getroud was. Ja, eintlik was dit van dié swaarste jare vir Calvyn. Die twee het mekaar baie nodig gehad om staande te bly. Tog het die Here hulle ook soveel ryke dae gegun – vol sonskyn, omdat die lig van die ware Evangelie al hoe sterker deurgebreek het.

Jean Calvin en Idelette de Bure is nie ver van mekaar af gebore nie. Hy in 1509 in Noord-Frankryk en sy in 1506 in die Suidelike Nederlande. Dit was in Straatsburg, destyds Duitsland, waar hulle in die huwelik sou tree in 1540. Sy was toe die weduwee van Jean Stordeur, ongeveer 34 jaar oud, en Calvyn was 31. Die Here sou hulle pad kort ná die huwelik nog verder suid lei na Genève in Switserland, waar Calvyn toe alreeds een-en-'n-half moeilike jare deurgebring het.

Maar, nou eers Idelette. Haar geboorteplek was die pragtige stad Luik (of Liège) in die huidige België. Sy is gebore in 'n Franssprekende gesin. Haar vader was 'n bontwerker, met ander woorde leerlooier en

handelaar. Hy het van die duurste pels aangekoop. Adellike dames het van marterpels gehou en die regters het hermelyn gedra. Idelette het haar pa soms na hulle groot deftige wonings vergesel.

Sy het sonder sorge grootgeword. Haar ma het haar leer spin, naaldwerk doen, bier brou en geneeskundige kruie kweek. Sy het getrou haar gebede gedoen in die St. Lambertuskatedraal waar sy ook as baba gedoop is. Haar toekoms was redelik voorspelbaar: sy sou trou, kinders kry en maak soos haar ma gemaak het, o.a. bieb en rosekranse bid.

Vasgevang in bygeloof, aanbidding van heiliges en sonder kennis van die Bybel het haar jongmeisiejare verbygegaan. Haar vader was nie werklik vroom nie.

Hy wou graag 'n man van aansien wees. Hy wou Idelette uithuwelik aan iemand met 'n hoë rang. Daarom laat hy die skilder, meester Gelyjn, kom om 'n skildery van haar te maak. Sy moes deftig aantrek. Idelette was eintlik 'n bedeesde meisie met 'n fyngevoelige aard.

Maar, die vertroude tradisionele Rooms-Katolieke lewe in Luik word op hierdie tydstip egter wreed versteur. Aan tafel tuis word daar heftige gesprekke gevoer. Skaars 50km van hulle af in Brussel word daar sg. ketters tereggestel...! Daar is oorlog in Duitsland, Martin Luther se leer word versprei. Die Nuwe Testament word in 'n volkstaal, naamlik Frans, vertaal! Ongehoord! Die houding van Frans I, koning van Frankryk, word gepols. Die leer van die Wederdopers versprei. Orals steek opstand kop uit.

Die tyd is stormagtig. Uit die storm word egter iets nuuts gebore. Iets soos 'n nuwe lente. Ook in die omgewing van Luik het 'n sterk verlange begin groei na die lewende Woord van God.

Mense se oë gaan oop. Idelette begin die beelde in die kerk verafsku. Hulle is koud en dood. Die kerk is nie 'n ware moeder nie. In plaas van sielodende paternosters kom daar nou gebede reg uit die hart. In plaas van dwepery met relikwieë verskyn daar nou boeke wat in glashelder taal die jong geloof van baie mense voed. Sy koop en lees die boeke gretig. Die Skrif word oopgemaak. Idelette laat haar meevoer met die lentelug.



Huwelik met Jean Stordeur

Teen haar vader se wil het Idelette saam met haar broer Lambert geheime byeenkomste van gelowiges bygewoon. Soms in 'n skuur of, as dit moes, in 'n bos. Daar het hulle die Woordverkondiging ingedrink. Dit is in hierdie vergaderings dat sy vir Jean Stordeur, 'n man met 'n ernstige geaardheid, ontmoet. Hulle vind mekaar en tree in die huwelik. Stordeur is 'n vakman in houtwerk. Saam wil hulle die Here op die regte manier dien en hulle beywer vir

die voortgang van die Evangelie wat so lank bedek was. Na 'n jaar seën die Here hulle met 'n seuntjie. Sy naam is nie bekend nie, maar heel waarskynlik sou hy sy pa se naam gekry het, Jean.

Dit was nie lank nie of militante predikers wat hulle self profete noem, dring die kring van gelowiges binne. Hulle het groot invloed. Hulle lê die mense weer 'n juk van selfverlossing op. Jy moet eers bewys dat jy glo, dan eers kan jy gedoop word. Ook was daar ander sogenaamde drywers wat met drome en visioene wat hulle sou ontvang het, die mense verwar en die eenvoudige blye verkondiging van die Woord verdring.

In klein groepies, om nie op te val nie, het hierdie gelowiges buite die stad gegaan en hulself in 'n klein riviertjie weer laat doop. Stordeur en Idelette was ook onder hulle.

Dit was 'n stormagtige tyd. Pes het geheers en daar was oorlog. Idelette kry weer 'n seun, Natanael, maar hy sterf baie jonk. Die vervolging van Wederdopers in Luik neem skerp toe. Die broeders en susters weet nie meer hoe nie. Daar word besluit om te vlug. Die aangewese plek om heen te gaan was Straatsburg, ongeveer 200 km ten suid-ooste van Luik. Straatsburg was destyds deel van die Duitse ryk. Die stad was van ouds af bekend as vlugtelingoord ter wille van die geloof. Die stad het op daardie tydstip feitlik vir die Reformasie gekies, want die magistraat het alle priesters wat die Woord reg verkondig, in beskerming geneem. Stordeur en Idelette verneem dan ook dat mense wat Christelik wil leef en bowen-dien 'n goeie vak kan beoefen, welkom was in Straatsburg.

In groepe het 'n vloed van Wederdopers in die winter van 1532 die Lae Lande verlaat en met waens en muile die tog na Straatsburg aangepak. 'n Moeisame reis. Dit was skreiend om hele gesinne, strompelende oumense, swanger vroue en baie kinders deur die sneeu te sien swoeg.

Kraaie het bo hulle in die lug gesirkel. Idelette het God gedank dat Hy vir klein Natanael tot Hom geneem het voordat hulle Luik verlaat het. Sy voel ook hartseer om haar geliefde stad te verlaat. Sy sou nooit weer hierheen terugkeer nie. Gelukkig was haar broer Lambert en gesin deel van hulle geselskap. Hulle het van boerdery tot boerdery getrek deur die Ardennebosse. Sondae is daar kerkdienste gehou.

Die dwepers en sogenaamde profete was ook onder hulle en het op reis baie mense in verwarring gebring. Hulle is aangeraai om liewer na die noorde,

na Friesland te vlug. Die Here het Stordeur en Idelette en baie ander daarvoor bewaar dat hulle hul nie deur die opruiers laat beïnvloed het nie. Hulle het Straatsburg uiteindelik veilig bereik.

Ons spring nou net vir 'n oomblik na Parys, Frankryk. Dit was in hierdie tyd dat Johannes Calvyn openlik van die Humanisme oorgaan na die Reformasie. Hy word daar binne 'n baie kort tyd 'n figuur van gewel-dige betekenis.

'n Nuwe lewe in Straatsburg

Terug in Straatsburg. Hier is hulle dan nou, in 'n vreemde stad. 'n Bloedjong egpaar in hulle middel-en laat twintigs met 'n jong seuntjie. 'n Herberg bied onderdak. Vir eers is dit 'n geskarrel om werk en 'n permanente woonplek te vind. Gelukkig is daar die gemeenskap van die heiliges in die broederkring. Lambert en sy gesin is ook in die nabyheid. Die verlange na Luik lê swaar op die gemoed. Wat sou van al die vele Wederdoper-broeders geword het wat nie gevlug het nie? Die koninkryk van God was tog naby? Het hulle reg gedoen om hier na Straatsburg te kom?

Gaandeweg het hulle tog hul voete gevind. 'n Woon-plek en werkgeleentheid. Stordeur het sy vak goed geken. Daar word 'n gesonde dogtertjie gebore: Judith. Sy word nie gedoop nie. Die broederkring het nog sy houvas op hulle.

Maar as jy met oop oë en oop ore in Straatsburg woon, kan jy dit nie mis dat hier 'n ander gees heers as in Luik nie. En hulle besef dat die Heilige Gees ook buite hulle beslote kringe magtige werk verrig. Die stad is vol hemelse musiek. Die mense sing lofsange in hulle moedertaal Duits – in die katedrale, maar ook tuis. By die skole weerklink die kinder-stemme. Hulle leer die woorde en wysies heel eerste en neem so die ouer mense saam. Dr Martin Bucer en Jacob Sturm neem behoorlik leiding in die stad. Oor die geheel word daar hard gewerk aan 'n geson-de, Christelike gemeenskap. Idelette se broer Lambert neem eerste die stap: hulle voeg hulle by die kerk van Doktor Bucer. Stordeur en Idelette gaan soms na die dienste in die Franse vlugtelinggemeente. Hier preek 'n jong predikant wat dr Bucer na Straatsburg laat kom het: Johannes Calvyn.

Vir Stordeur en Idelette is dit 'n weldaad om die dienste te volg. Die hele gemeente sing die tien gebooië en die apostoliese geloofsbelydenis. Selfs verskillende psalms op wysies wat in Straatsburg gekomponeer is! Die hele gemeente staan oop vir die uitleg van die Woord. Ondanks die verskille, was

die twee diep ontroerd deur die dienste. Hulle was omring deur manne en vroue wat, net soos hulle, uit verskillende lande vir hul geloof moes vlug. Tog bly hulle nog trou aan hul Wederdoper-gemeen-te. Stordeur word ernstig siek as gevolg van 'n lelike beenbreuk. Die diaken van die Franse vlugtelingge-meente kom hom besoek. Hulle waardeur dit gewel-dig. Ook die pastor, Johannes Calvyn, bring gereelde besoeke.



Daar volg intense gesprekke. Calvyn wys hulle aan waar die Wederdopers verkeerd gaan. Belangrik is dit om te weet dat die Heilige Gees Hom verbind aan Gods Woord. Daarom is daar geen plek vir menslike visioene en profesieë nie. Vir Stordeur en Idelette is dit, ondanks Stordeur se siekte, 'n wonderlike tyd. Hulle ontvang ryke katkisasie van Calvyn. Die kinderdoop word bespreek. Hulle kinders Jean en Judith is ongedoop. Stordeur bly bedlêend. Die infeksie wil nie opklaar nie. Tog is daar in hulle huis 'n diepe vreugde en vrede. Geestelik het hulle opgeleef deur die Skrif-tuurlike sekerhede wat hulle deel word. Selfs oor Natanael, haar ongedoopte seuntjie wat in sy graffie in Luik agtergebly het, hoef Idelette nie bekommerd te wees nie, hy is ook opgeneem in God se verbond.

Hulle verlaat die broederkring en voeg hulle by die Franse vlugtelinggemeente. Jean en Judith word in die kerk gedoop. Buite is die herfslug mistig en swaar. Die pes hang weer in die lug. Oumense en siekes word eerste getref. Ook Stordeur. Hy beswyk aan die siekte. As getroue pastor was Calvyn ook by die sterfbed aanwesig. Idelette het volkome sekerheid dat haar geliefde man by Christus is. Haar hart is gelouterd deur teespoed en staan wawyd oop vir die gesonde Gereformeerde leer.

Word vervolg in die volgende uitgawe.

Sr GF Boon is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Johannesburg.

MY SEUN, vergeet my onderwysing nie!

Gesin & Opvoeding

"My seun, vergeet my onderwysing nie, en laat jou hart my gebooi bewaar; want dit sal lengte van dae en jare van lewe en vrede vir jou vermeerder."

So begin die derde hoofstuk van Spreuke, waarmee me Karina Ijlst, skoolhoof van die Gereformeerde Laerskool Johannes Calvyn in Pretoria, onlangs 'n sprekersaand geopen het. En is dit juis nie dit wat ons, die ouers wat kom luister het, elkeen so bitter graag begeer nie: dat ons kinders tog net sal **luister** as ons met hulle praat?




Die skool het Dr Don Roos, 'n bekende spreker en gerespekterde opvoedkundige, genooi om die ouers hieroor te kom raad gee. Dit is 'n taamlik algemene versugting onder ouers, grootouers en onderwysers: dissipline is deesdae nie meer wat dit was nie. Veral in staatskole gaan dit glo woens, maar in ons eie skool steek dieselfde probleem kop uit. Kinders het nie meer respek vir onderwysers nie, want hulle word mos nie tuis geleer om te luister nie. Lyfstraf was vroeër 'n goeie afskrikmiddel vir die rammetjie-uitnek-outjies, maar deesdae moet onderwysers ander maniere vind om kinders te dissiplineer.

En dan knik die koppe meewarig: ja, in ons tyd was dit nie so nie... Daar was heelwat glimlagte in die gehoor toe dr Roos 'n paar aanhalings gebruik het om die saak 'n bietjie in perspektief te plaas. Sokrates het glo in 470 vC gesê: "Vandag se kinders is te lief vir genot en weelde. Hulle maniere is afskuwelik. Watter soort verskriklike creature sal hulle wees as hulle groot word?" Plato het weer beweer dat die mense met die regte tug 'n goddelike wese word, maar daarsonder die wildste van alle wesens. Ja, in sonde ontvang en gebore, elke enkele een van ons kinders. Daar is immers niks nuuts onder die son nie.

Dissipline kom van dieselfde grondwoord af as *dissipel*, en beteken dus om iemand te leer, te lei. *Tug* en *tuig* (soos van 'n perd) het weer dieselfde oorsprong. Hoekom wil ons 'n kind dissiplineer en tigtig? Ons wil hom leer en lei sodat hy ordelik, veilig en gelukkig kan lewe. Hy kan nie maak soos hy wil nie, maar moet in die groep inpas.

Daar is 'n aantal soorte dissipline wat algemeen gebruik word. 'n Mens kan 'n kind **ignoreer**, maar volgens dr Roos is dit te wreed en sal die kind dan op verkeerde maniere probeer aandag kry. 'n Kind kan **mondeling** gedissiplineer word; maar as hy te veel kere "nee" hoor, het dit later geen betekenis meer vir hom nie. Jy kan 'n kind **raps**; daarmee word bedoel dat jy twee vingers (jou wysvinger en middelvinger) gebruik om hom op sy hand te raps. Dit is geskik vir 'n klein kind wie se taalvermoë nog nie sterk is nie, om hom te keer as hy

iets gevaarliks wil doen soos 'n vinger in 'n muurprop steek. **Weerhouding** ('time-out') is waar jy 'n kind as straf eenkant laat sit, byvoorbeeld op die stoutstoeltjie in die hoek of in sy kamer. Die riglyn is een minuut per jaar van die kind se ouderdom. Vir 'n vierjarige is vier minute dus lank genoeg. Hierdie metode van dissipline leer die kind oorsaak en gevolg. Jy gee die kind 'n keuse, dan kies hy sy eie straf. As jy op hom skreeu, verloor die kind respek vir jou. Dr Roos meen **lyfstraf** as vorm van dissipline gee vir 'n kind die boodskap dat jy mense mag seermaak as hulle iets doen waarvan jy nie hou nie, en dit kan hulle verwar. Volgens dr Roos het navorsing getoon dat 70% van suksesvolle ouers wel 'n vorm van lyfstraf toegepas het, naamlik om te raps. 'n Mens moet egter versigtig wees om nie te veel te dissiplineer nie, want dan sal die kind nie meer wil leer en eksperimenteer nie.



Nog 'n paar interessante stukkie navorsing wat hy aangehaal het, is dat 'n mens 'n woedebui ('tantrum') kan ignoreer en eers weer aan die kind aandag gee wanneer hy daarmee ophou. Die gedrag sal egter eers erger word, maar na vier tot ses weke sal dit verbeter. Dit is ook beter om nie 'n groot bohaai van eetprobleme

te maak nie, want anders sal die kind as volwassene met eetprobleme sukkel. Dit is wreed om 'n kind inkonsekwent te behandel. Jou kind moet jou kan voorspel. Kinders moet ook leer om hulle impulse te beheer; emosionele intelligensie hang nou saam met impulsbeheer (uitgestelde



gratifikasie). In 'n eksperiment het vierjarige elkeen 'n malvallekker gekry: hulle kon dit dadelik eet, maar as hulle bereid was om vyf minute te wag voordat hulle dit eet, kon hulle nog een kry. Die kinders wat kon wag, het op 17 jaar akademies beter gevaar, harder gewerk en oor beter sosiale vaardighede beskik. Tienderjarige wat nooit impulsbeheer aangeleer het nie, is geneig tot promiskue gedrag.

Beloning is ook 'n vorm van dissipline. 'n Mens kan **goedere** gee as beloning, maar pas op vir te veel soetgoed. **Aktiwiteite** as beloning word baie onderskat. Doen iets saam met jou kind wat hy graag wil doen; nie net omdat hy iets goed gedoen het nie, maar somer omdat hy jou kind is. **Sosiale** beloning behels aanraking om die kind te laat verstaan hy is waardig (waardevol vir jou). **Persoonlike** beloning behels om werklik na jou kind te luister, om aktief te luister, om alles te los waarmee jy besig is. Dit is nie

altyd moontlik nie, omdat kinders heeldag praat, daarom moet jy jou intuïsie vertrou om te bepaal wanneer dit regtig nodig is. Dit laat die kind belangrik voel en sal verseker dat hy na jou toe terugkom as hy probleme het.

'n **Puntestelsel** as vorm van beloning, soos sterretjies op 'n kaart, is moeite – maar dit werk. Jy kan ook **sakgeld** gee as beloning, maar dan moet jy jou kind vertrou en vryheid daarmee gee. Nog 'n paar van dr Roos se wenke is die volgende: alle dissipline moet uiteindelik oorgaan in self-dissipline. Ouers moet altyd saamwerk as 'n span. Moenie dissipline uitstel nie. Moenie nuuskierigheid verwar met stoutigheid nie; alle slim kinders is nuuskierig. Die kind moet die boodskap kry dat hy wel foute maak, maar nie 'n fout is nie. Vanaf drie tot vier jaar kan 'n mens vir 'n kind begin redes gee hoekom hy iets nie mag doen nie.

Tugtig die daad, nie die kind nie: "Dit wat jy doen, pas nie by 'n oulike kind soos jy nie." As iemand geboelie of gepes word, moet jy die boelie ignoreer en aandag gee aan die slagoffer. Gee meer geleenthede om te ontdek en maak minder reëls. Beoefen dissipline met 'n yster-vuis in 'n fluweelhandskoen. Ons kinders gaan ons onthou vir ons gesindheid.

Tot sover dr Roos. Ek het die praatjie interessant en vermaaklik gevind, leersaam selfs... maar daar is tog 'n paar vrae wat ek sou wou vra. Dr Roos druk ons dit op die hart dat dit 'n voorreg en 'n vreugde is om kinders op te

voed, en dat ons dit kreatief en met humor moet doen. Maar ouers van groot gesinne het baie pligte, en die soort van ding verg 'n bietjie meer tyd, wat nog te sê dat jy nie altyd mooi weet hoe om 'n spesifieke geval te hanteer nie! Ons kan nie almal so vinnig op ons voete dink nie. Ek hoor ook 'n ma van vier onderlangs brom: maar kinders moet tog soms ook net gewoon luister! Dit nou na aanleiding van 'n staaltjie oor 'n kleuter wat die toiletrol bly afrol het, en die ouer wat met die kreatiewe oplossing vorendag gekom het om 'n paar meter toilet papier aan die rolletjie vas te plak sodat dit weer vanself begin oprol as dit klaar afgerol het. Dan word dit somer ook 'n wetenskaples in die kleene. Goed, maar het jy as ouer die tyd en geduld om te sit en kyk hoe rol 'n kleuter 'n toiletrol af, en weer op, en weer af...? Of gaan jy ook maar liever die rol iewers buite bereik bêre? 'n Wyse seun verbly die vader, maar 'n dwase seun is 'n bekommernis vir sy moeder. 'n Wyse seun luister na die tug van die vader, maar 'n spotter hoor nie na berisping nie. 'n Wyse ouer sif al die raad en behou die goeie, en selfs dit is nie altyd genoeg nie; jy gaan dan maar weer elke dag op jou knieë, want hierdie taak kan jy nie uit eie krag verrig nie.

Lise Kampman is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.

Tema volgende
Kompas:
Vernuwing van
ons denke

DIE FRANSE REWOLUSIE (II)

- Lesse vir die nuwe Suid Afrika

Samelewing & Politiek

Nie net die feit dat sommige lande se verkeer links is en ander lande s'n regs nie, maar op baie ander terreine het die Franse Rewolusie 'n ingrypende invloed gehad. In die vorige artikel het ons gekyk na die aanloop tot die Franse Rewolusie.



Groen van Prinsterer

Volgens Groen van Prinsterer was die oorsaak nie in die eerste plek die misstande in die Franse koningshuis nie, maar eerder die opkoms van die Humanisme en die Deïsme. In hierdie artikel fokus ons op hoe die Rewolusionêre gedagtegoed in praktyk gebring is, en die afskuwelike gevolge wat dit gehad het.

Invloed van die Reformasie vervaag

Die invloed van die Reformasie het in die 18de eeu in Europa op die agtergrond geraak, en is vervang deur die idees van die Humanisme. Die Reformasie het gestreef na vryheid, ook op politieke vlak, maar altyd in onderworpenheid aan die Woord van God. Dit was ook grootliks te danke aan die Reformatoriese visie op die politiek dat die vrede van Westfalen (waaronder die vrede van Münster) in 1648 gesluit kon word, na 80 jaar van bloedige oorlog. Die vrede van Westfalen het 'n periode van ongekende vrede, orde en voorspoed vir veral Noordwes-Europa ingelui. Die opkoms van die Humanisme en die Deïsme in die 17de en 18de eeu het Frankryk egter voorberei vir die Rewolusie. Soos Groen sê, as jy die Christelike geloof vaarwel sê, sal sy vrugte na 'n rukkie begin kwyn. In die tweede helfte van die 18de eeu het dit al duideliker geword dat die Deïsme etiese gevolge gehad het. Daar was 'n algemene verval in moraliteit. Volgens die Verligtingsdenke moes die oorsprong van die kwaad eerder in ouderwetse strukture gesoek word. Die omwenteling van die bestaande vorme sou dus bevryding en verbetering bring. Tipies vir hierdie denke was ook om sosiale strukture te minag. Die maatskappy moes gestroop word van alle tradisionele strukture. Die enigste wat oorgebly het, was dit wat nie opgedeel kon word nie – die individu. Dit is 'n

tipiese rewolusionêre term: *in-dividu* (= *ondeelbare*). Al wat dus van die maatskappy gesê kon word, is dat dit uit 'n massa individue bestaan. Alle ander sosiale strukture of klasse moes afgeskaf word. In die plek daarvan het die Staat gekom, die masjien wat die gekombineerde wil van alle individue moes uitvoer.

Statisme

Op papier praat 'n mens dan van 'n *demokrasie* (= *die volk aan die mag*), maar die realiteit was anders. Die werklikheid was 'n *Statisme*. Die Staatsmasjien het homself in staat geag om die wil van die volk uit te voer. Maar met al die mag nou in die hande van die Staat, plus die feit dat alle *checks and balances* van die verlede afgeskaf is, kon die Staat net doen wat hy wou. Vir die massas het die toestand net erger en erger geword. Wat op papier dalk goed bedoel was, het nie in die praktyk gewerk nie. Omdat die Staat sogenaamd moes waak by die wil van die volk, is die welvaart van die Staat spoedig as die hoogste belang na vore geskuif. Die Staat het onaantasbaar geword – wie durf nou kritiek hê op hulle wat die wil van die volk verteenwoordig? En so het dit gebeur in die jare na die Rewolusie dat die sentraliserende tendense van die Staat hom soos 'n ysternet oor die hele samelewing uitgesprei het. Die staat het letterlik alles in beheer geneem, selfs kinders het nie meer in die eerste plek aan hulle ouers behoort nie, maar aan die Staat. Al met al het die stemreg wat die volk ná die Rewolusie ontvang het, dus niks voorgestel vergeleke by al die regte wat die Staat vir homself toegeëien het nie. Groen praat tereg van Staatsafgodery.

Dit is belangrik om die verskil te sien tussen die Rewolusionêre konsep van die staat en dit wat 'n mens in die Bybel vind, naamlik dat God onvervreembare regte toegeken het aan 'n verskeidenheid van gesagsdraers, of dit nou die koning is, die burgemeester, of 'n ouer. Maar na die Franse Rewolusie het die hele magsbalans in Frankryk gewankel met alle bevoegdhede nou in die hande van slegs een liggaam – die Staat. Dit het tot wydverspreide anargie gelei.

5 Fases

Groen van Prinsterer verdeel die Franse Rewolusie in 5 periodes. Hierdie analise was moontlik sy waarde-

volste bydrae. Dit het naamlik geblyk dat hierdie periodes simptomaties is vir elke Rewolusie wat sedertdien plaasgevind het – dink byvoorbeeld ook aan die Russiese Rewolusie vanaf 1917. Kom ons kyk kortliks na hierdie 5 fases:

Groen van Prinsterer verdeel die Franse Rewolusie in 5 periodes. Hierdie analise was moontlik sy waardevolste bydrae. Dit het naamlik geblyk dat hierdie periodes simptomaties is vir elke Rewolusie wat sedertdien plaasgevind het.


1ste Fase: Periode van voorbereiding

Dit is belangrik om te besef dat die Rewolusionêre gedagtegoed nie eksklusief vir Frankryk was nie. Dit het opgang gemaak in die hele Europa van die 18de eeu. Ook is dit belangrik om te besef dat die Rewolusionêre idees nie tot die massas – die arm arbeiders – beperk was nie. Inteendeel, dit is veral gedryf deur die konings en adellikes! Hoe ironies dit ook mag klink, selfs koning Lodewyk XVI van Frankryk was 'n groot voorstander van die Rewolusie!



Koning Lodewyk XVI van Frankryk (1754-1793)

Daar was 'n algemene drang om ontslae te raak van die strukture van die verlede. Hierdie periode is gekenmerk deur ongekende beloftes wat aan die volk gemaak is. Die mensdom is inherent goed, en welvaart sou volg so gou hy verlos is van onderdrukkende strukture. Groen beklemtoon dat die Rewolusie nie ontstaan het uit die slegte leefomstandighede van die massa nie, maar vanweë die Verligtingsidees wat ryp geword het, beginnende by die bolaag van die bevolking.



Koning Lodewyk XVI in naam van die Rewolusie gevonniss

2de Fase: Die teorie van die Rewolusie word in praktyk gebring (1789-1794)

Vanaf die begin van die Rewolusie was daar al verskil van mening oor die uitvoering daarvan. Sommiges het nog steeds 'n belangrike rol vir die koning gesien, ander wou van hom ontslae raak. Daar was gematigdes (Girondiste), daar was ook die wat nie genoeg kon kry van al die bloedvergieting nie (Jakobyne). Oor die algemeen is hierdie periode gekenmerk deur ongekende wreedhede, wat net erger geword het hoe meer die Rewolusie geïmplementeer is. Die sentralisasie van die Staatsmag het al hoe meer toegeneem, en dit het gelei tot meer en meer diskriminasie teen mense met ander opinies. Die mag van die absolute Staat was nie meer beperk deur laer owerhede, gildes, beroepsgroepe, of geestelike leiers nie. In hierdie periode is die mag gegryp deur telkens nog meer radikale advokate van die Rewolusie. En soos een van hulle, Robespierre, gesê het: *Dit is nou nog nie die tyd om goed te doen nie*. Die Rewolusionêre sienswyse het 'n eroderende effek op die algemene moraliteit gehad. Die slagspreuke van die Rewolusie het die mense geblinddoek vir die wreedhede wat in naam van die Rewolusie begaan is. In naam van die Rewolusie het enigiets toelaatbaar geword.

Soos gesê, was koning Lodewyk die 16de (1754-1793) 'n voorstander van die Rewolusie, nie besefende dat die kragte van die Rewolusie sy eie kop sou kos nie. Hy is met die valbyl onthoof op 21 Januarie 1793, nadat die monargie deur die meer radikale Rewolusionêre elemente in 1792 afgeskaf is.

3de Fase: Periode van reaksie teen die kwalike gevolg van die Rewolusie (1794-1813)

In hierdie periode is die Rewolusionêre idees as sodanig nie gekritiseer nie, maar net die uitwasse. Alle skuld vir die wreedhede en wetteloosheid is geskuif op die leidende figure van die vorige fase – hulle was die sondebokke, hulle was eintlik wrede monsters, hulle het die idees van die Rewolusie verkrag. Daar het nou 'n besef gekom dat die wetteloosheid van die massas onder beheer gebring moes word. Dit het op sy beurt tot sterk beperkte maatreëls gelei. Soos Groen sê, onbegrensde wetteloosheid onder die massas baar tirannie. Hierdie periode van reaksie het sy hoogtepunt bereik met die opkoms van Napoleon.



Napoleon Bonaparte

Hoewel hierdie 3de fase gekom het as 'n reaksie teen die terreur van fase 2, het dit egter al hoe meer duidelik begin word dat anargie en despotisme nie ongelukkige byverskynsels was nie, maar inherent aan die Rewolusionêre wêreldbeskouing.

Maar die Franse volk het nie omgee nie, want hulle was moeg vir al die wreedhede van die afgelope dekade, en hulle het meer na rus verlang as na politieke vryheid.

Dit was nie so dat die beginsels van die Rewolusie in fase 2 nie goed geïmplementeer was nie. Intendeel, hoe suiwerder die idees in praktyk gebring is, hoe meer wreedhede het dit tot gevolg gehad.

Napoleon se diktatoriale optrede was ook direk gekoppel aan die Rewolusionêre idees. Niemand het méér na die soewereiniteit van die volk verwys as Napoleon nie. Terselfdertyd het hy die volk van hulle stemreg ontnem, met die argument dat hy self die beste in staat was om die wil van die volk te verteenwoordig. Maar die Franse volk het nie omgee nie, want hulle was moeg vir al die wreedhede van die afgelope dekade, en hulle het meer na rus verlang as na politieke vryheid. Min het hulle egter geweet dat die bewind van Napoleon net nog meer wreedhede sou bring. Waar daar in die eerste dekade van die Rewolusie 40 duisend dooies geval het, was die slagoffers onder Napoleon se skrikbewind meer as 6 miljoen!

Dit bring 'n mens by die konklusie dat die Rewolusie eintlik 'n kanker was, wat voortgewoed het tot dit homself uitgeroei het.

4de Fase: Periode van hernude eksperimente (1813-1830)

In hierdie fase – die periode direk na Napoleon - sien 'n mens telkens die ou refrein wat herhaal word. Elke keer word weer 'n nuwe skuldige gevind. Elke keer word die fout gesoek in die strukture. Elke keer word weer nuwe beloftes aan die volk gemaak, hoe die Rewolusionêre beginsels hierdie keer wel goed geïmplementeer sal word. Maar, sê Groen, die teorie van die Rewolusie sal nooit volledig geïmplementeer kan word nie, dit werk net op papier.

5de Fase: Na herhaalde mislukkings, 'n periode van politieke apatie (1834-1845)

Hierdie periode is volgens Groen getipeer deur 'n vrees dat enigiets erger sal word as wat dit tans is. Die volk het alle belangstelling en vertroue in die politiek verloor, en probeer soveel as moontlik 'n onsigbare bestaan vir die politiek te voer. Enige kontak met die Staat is 'n voorbode van onheil. Aan die ander kant konsentreer die Staat slegs op die handhawing van sy eie materiële belange.

Beoordeling

In 'n tyd waarin ook in Nederland baie mense groot voorstanders was van die Rewolusionêre wêreldbeskouing, het Groen van Prinsterer nie doekies omgedraai nie:

- Die Franse Rewolusie het die feit dat die lewende God die oorsprong van alle gesag is (sien Romeine 13:1), ontken.

- Die Franse Rewolusie het ontslae geraak van al die politieke *checks and balances* wat deur die eeue heen ontwikkel is. Vanuit die Verligtingsoptimisme is die bestaande regeringsstrukture – al het hulle gebreke gehad – nie meer na waarde geskat nie. En die geskiedenis leer dat dit baie lank vat om nuwe *checks and balances* te ontwikkel wat werk.
- Het die Rewolusie vrede gebring? Nee, ontelbare mense het gesterf, onnoembaar meer as wat voor die Rewolusie die geval was.
- Het die Rewolusie finansiële voorspoed gebring? Nee, nie net Frankryk nie, maar die hele vasteland van Europa was in finansiële ellende gedompel.

Dit bring 'n mens by die konklusie dat die Rewolusie eintlik 'n kanker was, wat voortgewoed het tot dit homself uitgeroei het.

In die volgende artikel gaan ons fokus op die lesse wat uit die verloop van die Franse Rewolusie getrek kan word, en dan veral met die oog op Suid-Afrika.

Ds PG Boon is sendeling in Soshanguve.

Hierdie artikel is 'n bewerking van 'n lesing wat op die VGKSA Predikanteseminaar van Desember 2009 gehou is. Die tema van die Seminaar was: Ons politieke taak in Suid-Afrika.

Onderhoud met die uitgetrede eindredakteur

Onderhoude & Verslae

1. Ds Erik, was die tydperk wat jy eindredakteur was, lekker of nie? Hoekom?

Ek het dit as 'n baie opbouende en aangename tyd ervaar. Wat my in die besonder getrek het van hierdie werk, was die konstruktiewe spanwerk wat daar binne die redaksie plaasgevind het, veral wanneer ons oor 'n nuwe tema moes besin. Tydens 'n vergadering sou 'n onderwerp op die tafel geplaas word, en dan sou ons dit op só 'n manier bespreek dat dit nie in die eerste plek 'n *Kompas*-tema was, maar 'n eksistentensiële aspek van ons persoonlike geloofslawe. Só het die verskillende temas (vir onself in elk geval) lewe gekry! Jammer dat die lesers dit nie kan beleef nie; hulle kry net die finale produk, maar die diskussie en beleving daaragter is dikwels baie dieper as wat op papier weergegee kan word. In daardie opsig is ek in my geloof gebou – hopelik het iets hiervan tog deurgesyfer na die lesers... En dan was dit ook altyd lekker om van die finale produk te geniet.

2. Is die lees van *Kompas* noodsaaklik vir die lewe van elke dag? Hoekom?

O, absoluut! Solank as wat die *Kompas* die Skrif naspreek – uiteraard met gebreke! – bly dit 'n instrument wat die Here wil gebruik om sy kinders verder te lei in die lewe met Hom. Uiteraard moet 'n redaksie nie 'n ideaalbeeld hê van hoe die blad deur die intekenaars ontvang word nie; só 'n ideaalbeeld kan teleurstel wanneer jy agterkom dat die blad nie so lewe en funksioneer as wat jy gedink het dat dit onder die intekenaars sal lewe nie. Verder sou ek die lesers graag wou aanmoedig om nie net op te hou lees wanneer daar gebreke is nie, maar om eerder hulle insette te lewer. Die redaksie is meer as bereid om daarna te luister.

3. Sover jou kennis strek, is die lesers in Suid-Afrika en oorsee baie of nie soveel nie? Wat is die persentasieverdeling tussen die twee groepe?

Sjoe, die ledetal is nou nie iets waarmee ek my daagliks besig

gehou het nie! Maar as ek reg onthou, is die persentasie lesers van oorsee redelik klein in vergelyking met lesers in Suid-Afrika. Die meeste buitelandse lesers is oud-Suid-Afrikanners of mense met bande in Suid-Afrika. Wat die lesers in Suid-Afrika betref, is die meeste vanselfsprekend lidmate van die VGKSA. Daar is egter ook 'n redelike groep van buite die VGKSA. Een van die dinge wat ons in die afgelope twee jaar probeer doen het, is om gereeld skrywers van buite ons eie kerkverband te vra om te skryf. Die motivering daaragter was enersyds om Christelike kundiges te kry om oor 'n bepaalde onderwerp te skryf, ook al is hulle nie lidmate van die VGKSA nie. Andersyds wou ons ook aan ons lesers 'n breër blootstelling gee aan goeie gereformeerde skrywers.

Dus, hoewel *Kompas* 'n blad deur lidmate van die VGKSA is, sou dit mooi wees om ook 'n uitstraling na buite te hê – sowel deur meer lesers as deur meer skrywers van buite die VGKSA te betrek. Dit

kan ook lei tot 'n verrassende ontdekking van die groot skare medegelowiges wat ons in ons land het.

4. Watter kriteria het jy in die beoordeling van die artikels aangelê?

Wel, die primêre kriterium in 'n blad soos *Kompas* is uiteraard om te bepaal of die Skrif nagespreek word in die behandeling van 'n onderwerp. Dit bly die eerste en die belangrikste maatstaf. En dan gaan dit nie in die eerste plek oor die hoeveelheid teksverwysings nie, maar dan gaan dit daarvoor of 'n artikel die g(G)ees van die Skrif asem.

Maar hierdie kriterium kan 'n mens natuurlik nie eenduidig op elke artikel toepas nie. Sommige artikels is bedoel om informatief te wees – indien die informasie op 'n betroubare manier weergegee word, moet 'n mens oppas om allerhande verwysings na die Skrif daarin te forseer. Daar is niks fout met 'n goed ingeligte gereformeerde nie!

'n Verdere kriterium wat vir my belangrik was, is struktuur en leesbaarheid. Ons het as redaksie vir mekaar gesê dat selfs 'n 14-jarige 'n artikel moet kan lees – nie in die sin dat hy die inhoud volledig hoef te verstaan nie, maar in die sin dat hy die lyn en betoog moet kan volg.

5. Wat was jou vernaamste strewe met die invulling van die tydskrif?

Om gesprek aan die gang te kry! En dan bedoel ek daarmee nie dat ons in so 'n gesprek alle gereformeerde beginsels en oortuigings moet begin bevraagteken nie. Dit gaan nie daarvoor om, soos die Nederlanders sê, alles op los skroewe te plaas nie. Dit gaan daarvoor dat sake bespreekbaar is, sodat ons weer opnuut in ons oortuigings bevestig kan word.

Want die gereformeerde geloof mag nooit 'n dormante vulkaan word waarvan al die lawa gestol het nie – wat is daar dan nog om te bespreek? Wat is dan nog die sin van 'n blad soos *Kompas*? Die gereformeerde geloof moet eerder 'n aktiewe en lewendige vulkaan wees. Die lawa moet loop! Want dán straal die hitte daarvan om ons heen, en dan het ons ook iets wat ons met oortuiging aan die volgende geslag kan oordra! Met alle gebreke wat *Kompas* die afgelope jare gekenmerk het, wil ek glo dat ons vir 'n groot deel wel daarin geslaag het om hierdie gesprek aan die gang te kry; die groot hoeveelheid reaksies en briewe getuig, na my mening, hiervan.



Ds Erik van Alten

6. Soms is sommige artikels informatief netjies en dan bedek met 'n Christelike "sou-sie" aan die einde. Hoe hanteer 'n mens sulke artikels?

Ja, dit is waarskynlik 'n terrein waarop verbeter kan word. En ek het dit ongelukkig eers teen die einde van my tyd as lid van die redaksie helder begin insien. Die gevaar dreig inderdaad dat ons die wêreldse denke oorneem en in ons artikels inwerk, dit daarna met 'n paar teksversies afsluit, en dink dat ons 'n gereformeerde artikel geskryf het.

Daarteenoor leer die Skrif ons dat ons denke fundamenteel vernuwe moet word. Gereformeerde denke is denke wat volledig deur die Skrif bepaal word, ook al beteken dit dat dit haaks staan op die wêreld se denke. As die redaksie daarin kan slaag om hierdie Skriftuurlike denke te kombineer met die lewendige gesprek waarvan ek sopas gepraat het, dan is ons beslis op die regte pad.

7. Watter boodskap en wenke sou jy aan die nuwe redaksie gee?

Daar is niks nuuts onder die son nie. Dus, wanneer ons 'n blad uitgee wat as rigtingwyser vir die gereformeerde lewe dien, dan moet ons onself nie in nuwighe- de beroem nie. Nee, die boodskap wat ons oordra in al die artikels is die ou, ou boodskap van ellende, verlossing en dankbaarheid. Maar die kuns is om daardie ou, ou boodskap só oor te dra dat dit vars en treffend is, dat mense sê: só het ek dit nog nie gesien nie. Dus, 'n heilsame balans tussen oud en nuut – die ou boodskap, maar wel die ou boodskap vir vandag, 2010!

'n Paar laaste woorde?

Dankie vir 'n mooi tyd! Dankie aan die stigting *Woord en Wandel*, aan mede-redaksielede, en aan mede-gelowiges wat die blad lees en aktief daaraan deelneem.

Prof Hans Boon is die nuwe eind-redakteur van KOMPAS en lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Johannesburg.

Ri khou sokou sea (Ons lag sommer)

- Stories van 'n Venda-pastoor -

Boekresensie

Onlangs het 'n bekende skryfster (ek het die naam opsetlik weerhou, sodat dit nie ons objektiwiteit beïnvloed nie) die volgende stelling gemaak: "die wit mens in Afrika sal nooit ware versoening beleef as ons nie met empatie die groter konteks van die swart mens se leefwêreld aanvaar nie".

Tydens die oordenking van die stelling het ek stilgestaan by die woord '**empatie**' en met behulp van die HAT helderheid gekry oor die betekenis van die woord.

Die wit mens in Afrika sal nooit ware versoening beleef as ons nie met empatie die groter konteks van die swart mens se leefwêreld aanvaar nie.

Die HAT sê naamlik: "Die vermoë om jou persoonlikheid in die voorwerp van bepeinsing te projekteer en so tot 'n volledige begrip daarvan te raak".

En ook: "Die vermoë om jou in die plek van die ander te stel om sy reaksies en houding te begryp". Die sleutelwoorde is dus '**in voeling**' en '**inlewing**'. Dit is duidelik dat ons nie empatie en simpatie met mekaar moet verwar nie.

Oor die korrektheid van bogenoemde stelling wil ek myself nie uitlaat nie, en nog minder 'n debat daarvoor begin.

Maar as u die behoefte het, of die noodsaak insien, om met empatie iets te wete te kom van die leefwêreld van die swartman, moet u die boek *Die Reën kom nie maklik nie* lees.

Hierdie kortverhaal-bundel bevat die stories van pastoor Piet Mvetha van Folovhodwe (Venda). Hierdie boek is **letterlik Piet se woorde en stories**. Dit is in 'n verteltrant geskryf en sal sekerlik nie in aanmerking kom vir 'n letterkundige prys nie. Maar die vertellings is kostelik mooi en beskrywend. Dit is pragtige, mooi, lekker lag- en hartroerende stories. Doodgewone stories, met 'n ongelooflike waarnemingsvermoë, met heel eg menslike emosies, eerlik en opreg.

Elke hoofstuk is 'n juweeltjie. Of dit nou die gelukkige einde van '*Die sny van die kind*' is, of die tragiek van die verhaal van '*Jack May Ramarumo*' wat doodgemaak is net omdat hy en sy familie goed gedoen het. Hulle het harder as enigiemand anders hulle stukkie land bewerk, maar die mense het hulle vir toormense uitgemaak en beweer die zombies werk vir hulle in die nag.

Dan is daar die kinderlike geloof (letterlik en figuurlik) van '*Die kerk van die holiness*'. En die suksesverhaal van '*Skool maak meisies mal*'.


Mooi is die deernis in '*Muvenda a bikwa na toambo, toambo la vhibva – Muvenda a sala*' (wat beteken as jy die klip en die Venda-mens saam kook, sal die klip al sag wees dan is die Venda nog net so hard). Dit gaan oor 'n tradisionele geneser wat gedoop is net voor haar dood.

Dit bring my by die Christelike pastoor Piet Mvetha wat homself in swaar tye telkemale daaraan moet herinner dat nie die kerk nie, maar die Here hom geroep het.

Oor sy miskien **heel beperkte Godskennis, maar 'n heel lewendige Godsbeleving**, vol vertroue en opreg.

Ook in hierdie hierdie opsig mag ons ons met empatie inleef in die lewe van ons broer Piet.

Krijn Haak is 'n lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.




Die reën kom nie maklik nie (2009)
Ina le Roux
ISBN 9780798150347
R 160
144pp
Human & Rosseau

INTERKULTUREEL BYBEL LEES

Elders gelees

Ek ontvang die sendingsblad *Naast/*, maar of ek hom lees... Nee, nie regtig nie. Inhoudelik vind ek die blad effens yl. Deurblaai? O ja, die blad bevat te mooi prentjies en is net te kleurryk om te ignoreer. Daarby is dit ook interessant om te sien wat daar oor die Suid-Afrikaanse sending in die blad verskyn. Maar, soos ek gesê het, ek lees dit nie werklik nie. Fout! Want enkele weke gelede het iemand my gewys op 'n nuwe rubriek wat in die blad verskyn. Fassinerend om te lees, maar of ek werklik so opgewonde daarvoor kan word?

In die Januarie-uitgawe van *Naast/* verskyn die bekendstelling van hierdie nuwe rubriek onder die opskrif "IBL – Interkultureel Bybel lees". Ek wil die volgende hieruit weergee:



Bybel lees is meer as net om die woorde of sinne goed te lees en te verstaan. Jy moet die sinne ook in die verband van die Bybelboek en die Bybel self lees. Daarby kom ook nog dat jy 'n besef moet hê van daardie ánder geskiedenis en daardie ánder kultuur in die Bybel.

Die meeste van ons het met die Bybel opgegroeï. Ons het oog gekry vir kulturele verskille. Ons verstaan dat daar in Bybelse tye nie motors, televisies en rekenaars was nie. Dit is egter lastiger om die 'os en die esel' in die tiende gebod te verstaan. Dit gaan nie sommer oor 'n koei in die weiveld of oor 'n bok in die tuin nie. Wat beteken so 'n os of esel vir die mense van daardie tyd? In ons kultuur lyk dit eerder soos 'n trekker en vragmotor'. Of, vir stadsmense, soos 'industriële ingenieur en skootrekenaar'.

Naast/

Naast/ gee informatie over
Zending & Hulpverlening vanuit de
Gereformeerde Kerken (vrijgem.) in Nederland
en is een voortzetting van
'Tot aan de einden der aarde' (Hand.1:8).

Mense in ander kulture, wat nie opgevoed is met die Bybel nie, het dikwels nog meer moeite met die verstaan van die teks. Die verskil in kultuur, maar ook die veronderstelde gelykheid met die kultuur in die Bybelse tyd, sorg vir allerhande vergissings. Om nie eens te praat van die probleem om die Bybel in die geheel van die Bybel self te lees nie.

Dan moet ons ook nog in gedagte hou dat die Bybellesers wêreldwyd ook weer van mekaar verskil. Wanneer 'n Nederlander en 'n Afrikaan saam Bybel lees, dan sal hulle altwee waarskynlik van hul stoel afval van verbasing oor die verskil in uitleg. Maar wanneer hulle inderdaad saam Bybel lees, dan ontstaan daar ook wedersydse begrip vir die lesing van die ander. So 'n manier van Bybel lees word 'interkulturele Bybel lees' genoem. In 'n nuwe rubriek in Naast/ sal ons voorbeelde gee van hoe dit gebeur...

Die voorbeelde in die rubriek IBL stem tot nadenke, maar ook tot saamdink met die ander leser. Dit beteken dan nie dat daardie uitleg korrek is nie. Dit beteken eerder dat ons mekaar nodig het om die regte betekenis te vind. Staan daar nie ook so iets in Efesiërs 3:18 nie? Ekumene van die hoogste orde!

Tot sover die bekendstelling...


Kom ons gee toe dat die motiewe agter hierdie rubriek edel is – veral vanuit 'n sendingsoogpunt. Met die sonde in die wêreld is dit al moeilik genoeg om mekaar te verstaan, om nie eens te praat van al die verskille in kulture en gewoontes nie. Dus, daar is niks fout met goeie begrip nie. Daar is ook niks verkeerd daarmee om saam met al die heiliges te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte van die kennis van God is nie (Ef 3:18).

Maar hier skuil 'n groot gevaar agter die edel motief. Die gevaar dat die Skrif nie meer vir homself spreek nie, maar dat ons met ons brille betekenis aan die teks begin géé. Die gevaar dat die Here nie meer die eerste en die laaste (Alfa en Omega) woord het nie, maar dat die kultuur die laaste woord kry. En dit is

'n baie subtiele gevaar, een wat gaan oor die *rigting van betekenis*. Wat bedoel ek daarmee?

Wel, uiteraard dra almal van ons 'n bril wanneer ons die Skrif lees; almal van ons lees die Skrif teen die agtergrond van 'n sekere kultuur, opvoeding en vorming. My bril is donkerblou, jounie lemmetjiegroen. Dit is 'n realiteit wat niemand kan ontken nie. Maar nou is die vraag: gaan die kleur van my bril die boodskap van die Skrif bepaal, of gaan die boodskap van die Skrif my brilglase anders kleur? Skep ek betekenis deur my gekleurde brilglase, of skep die boodskap van die Skrif in my 'n nuwe hart? Wat is dus die rigting van betekenis? My vrees is dat in hierdie rubriek daar ruimte gelaat word vir betekenisvorming in 'n verkeerde rigting.

RIGTING VAN BETEKENIS



Dat hierdie gevaar nie denkbeeldig is nie, maar 'n werklikheid, blyk uit dieselfde uitgawe waar 'n voorbeeld gegee word van hoe die beginsels van IBL in die praktyk kan uitwerk...

Daar heers daardie oggend 'n opgewonde gees by die predikantekonferensie. Hulle stroom al pratende en laggende die saal binne. Die gebruikelike oggend-godsdiens. Eerlik gesê is dit nie altyd ewe sprankelend en kreatief nie. Dit is meer 'n verpligte item.

Dominee Geoffry staan alreeds agter die kateder. Hy maan tot rus en stilte. Ernstig. 'n Mens voel sommer, dit is anders. Met gedrae stem lees hy die gedeelte uit 1 Samuel 13. Oor die Filistyne wat Israel aanval. Oor koning Saul wat opmerk dat sy leër verslaan word. Soldate wat skelm wegloop. Oor Saul wat na 'n week se gewag self die offer bring, want Samuel het nie opgedaag nie. En dan, wanneer Samuel kom... Wat verder gebeur, lees Geoffry nie. Plegtig begin hy

sy toespraak. Oor die skande van Samuel! Nee, die Here draai in die Bybel nie doekies om daaroor nie. Samuel het nie opgedaag om die offer te bring nie. Tereg dat Saul toe self die offer gebring het.

'Hoe is dit onder ons, broeders predikante? Ek hoor gereeld klagtes dat die dienste, katkisa-sies, vergade-rings nie voort-gaan nie, omdat julle te laat opdaag of glad nie opdaag nie. Geen wonder dat die gemeente dan self aan die werk spring nie. Julle moet julle skaam. Dink aan die arme Saul. Dae lank wag hy. Hy het respek vir die profeet Samuel, maar dit verminder met die dag en die uur. Tereg. Pynlik te laat kom Samuel nog uiteindelik daar aan. Natuurlik bots dit en verloor Samuel alle gesag...'
'... is dit nie dalk ons kwaal nie, broeders? Dat ons ons ampsdiens verwaarloos? En dat ons ons gesag en respek by die gelowiges verloor? En ons word nogal gewaarsku deur hierdie geskiedenis, wat ons almal ken. Daarom roep ek julle in die Naam van Jahwe op om te breek met hierdie lamledige optrede, jul laatkommery, dat julle afspraak nie nakom nie, dat julle wegbly. Julle versiek die lewe van die gemeentes. Julle gee die kerk 'n slegte naam. Bekeer jou! Hou die wangedrag van Samuel en die gevolge voor oë!'
Donker stilte hang in die saal. Die hoofde is geboë. Almal kyk na hulle skoene. Beskaamd. Daar is 'n gesnuif om trane te bedwing. Geoffry eindig met 'n vurige gebed vir radikale bekering van homself en sy ampsbroeders...

Ek het omgeblaai om die kommentaar op hierdie interkulturele manier van Bybellees te bestudeer.

Maar helaas... Op die volgende bladsy het 'n nuwe artikel alweer begin. Is dit nou dit? Inderdaad. Geen kommentaar nie. Eenvoudig net 'n ponering van die manier hoe daar deur iemand uit 'n ander kultuur na 'n spesifieke Skrifgedeelte gekyk word. Wat is die lesers veronderstel om daarmee te maak? Het hierdie verhaal nou die status gekry van aan-vaarde Skrifuitleg – een moontlikheid onder vele ander? Asseblief, net nie dit nie! Immers, elke leser sien hopelik raak dat hierdie uitleg nie reg doen aan die teks nie. Ds Geoffry het opgehou lees by die punt waar Samuel opgedaag het. Dit was waarskynlik waar sy eksegese en toepassing ontspoor het. As



hy verder gelees het, sou hy gesien het dat Saul – en nie Samuel nie! – as die skuldige aangewys word. Samuel word nie daarvan beskuldig dat hy te laat gekom het nie, maar Saul word daarvan beskuldig dat hy dwaas gehandel het en die gebod van die Here oortree het (1 Sam 13:13). Of is dit dalk my Westers-gekleurde verstaan van hierdie gedeelte?

My betoog is nie soseer teen die arme ds Geoffry gerig nie. Hy het na die beste van sy vermoë sy broeders probeer aanspreek oor 'n daadwerklike probleem. Die boodskap kan onder ons ook maar gerus ter harte geneem word. Nee, nie ds Geoffry nie, maar wel die redaksie van *Naast*/. Ek verstaan nie wat die meerwaarde vir die lesers is om, sonder enige verdere kommentaar, hierdie manier van Bybel lees te publiseer nie. Hoe bevorder dit die eenheid

van die geloof wat daar, sonder twyfel, tussen my en ds Geoffry bestaan? Eenheid is mos nie om te weet hoe verskillend ons die Skrif verstaan nie!? Nee, eenheid is om te verstaan dat die een boodskap van die Skrif ons almal aanspreek, ook al leef ons in wêrelddele wat duisende kilometers van mekaar verwyder is. Daarom het ek moeite met hierdie invulling van 'n sendingsblad. Sending is om uit te gaan, dissipels van alle nasies te maak, en hulle te leer om alles te onderhou wat Jesus ons beveel het (Matt 28:19). Die evangelie het reg op die nasies, en nie die nasies op die evangelie nie...

Ds Erik van Alten is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.

Die KKNK

In Pers-pektief

Daar is jaarliks twee groot Afrikaanse kunstefees in ons land: "Aardklop" in Potchefstroom en die "Klein Karoo Nasionale Kunstefees", beter bekend as die KKNK. Vir die Engelse kultuur is daar die jaarlikse kunstefees in Grahamstad. Op hierdie kunstefees bring kunstenaars hulle mees resente literêre en visuele kunste vir die groot publiek. Die verrigtinge oor 'n aantal dae skep 'n spesiale atmosfeer wat inderdaad groot menigtes trek. Tydens die afgelope Paasfees was dit weer die KKNK. Wat beteken hierdie kunstefees vir die Afrikaner-kultuur en in watter rigting stuur dit?

Ek sal probeer om besonderlik die KKNK in 'n bietjie breër kulturele lig te plaas. Hierby moet ek die voorbehoud maak dat ek self nooit 'n KKNK bygewoon het en ook bepaald nie 'n kunskenner is en dus nie die bydraes op hulle kunswaarde kan beoordeel nie. Ek moet dus afgaan op berigte wat ek deur die radio, televisie of koerant gekry het. Ek meen op

grond daarvan dat hierdie kunstefees duidelike kenmerke het.

In die eerste plek is die doelstelling van die moderne kunste om rigting en leiding te gee aan (en dus relevant te wees vir) die ontwikkelings van 'n volk of 'n samelewing. Kultuurontleders soos Francis Schaeffer en Hans Rookmaker het aangevoer dat nuwe gedagtes en denkrigtings deurgaans ontstaan by en in die skole van filosowe, mense wat beroepsmatig nadink oor die sin van die lewe. Hulle ontleed die samelewing, probeer kenmerke en neigings aandui en helderheid verskaf in die doolhof van die lewe en om 'n nuwe koers uit te stippel.

Die aangeduide koers word meestal gestuur deur 'n aantal voorveronderstellings oor die menslike lewe en waardes. In die voetspore van die filosowe en as hulle profete volg dan die kunstenaars en teoloë, aldus Schaeffer en Rookmaker. So word probeer om die samelewing deur stelsel-

matige beïnvloeding in 'n nuwe rigting te stuur.

Die KKNK, met aanbiedings van moderne Afrikaanse kunstenaars, kan dus in die lig van Schaeffer (filosoof – teoloog) en Rookmaker (professor in kunstgeskiedenis) gesien word in die lyn van nuwe denke oor die samelewing en kultuur van die Afrikaanse samelewing. Wat is dan die ontwikkeling en boodskap wat 'n mens sou kon aflei uit die bydaes aan die KKNK?



In die eerste plek kan 'n mens vasstel dat die kunsbydraes aan die KKNK deurgaans nogal kontroversieel is. Dit sluit inderdaad nie aan en bevestig nie die tradisionele Afrikaanse samelewing nie. Inteendeel, dit torring aan ons waardes en norme. In hierdie

opsig kan 'n mens 'n ooreenstemming sien met moderne teoloë in Suid-Afrika, soos die Nuwe Hervormers en prof Christina Landman, wat hulle ook stelselmatig verset teen die tradisionele Christelike norme en waardes van (die blanke) Suid-Afrika.

In die tweede plek is daar twee soorte publiek wat deur kunsfeeste soos die KKNK aangetrek word. Aan die een kant mense wat regstreeks gemoed is met kunste en kuns-joernaliste, en aan die ander kant mense wat aangetrek word deur die sensasionele of net vir gewone sin- of fees-genot kom. Maar deur die wyere uitkring van die (boodskap van hierdie) kunsproduksies en seker ook deur die onderlinge beïnvloeding van kunstenaars brei die invloed daarvan wyd uit.

In die derde plek word die KKNK benut deur die media om meningsvorming te stimuleer. *Die Burger* het 'n besprekingsreeks by die KKNK onder die titel "Praat saam" waarby allerlei kontroversiële onderwerpe bespreek word. Dit sluit in die landboubeleid van die regering, poligamie en die toekoms van die Afrikaanse taal by universiteite en skole en in die joernalistiek. Deskundiges is vir hierdie onderwerpe genooi as paneellede, maar die publiek kan ook self aktief deelneem aan die debatte. Prof Landman is by sulke geleenthede ook deurgaans aanwesig om nuwe etiese en morele denkrigtings uit te dra, nogal vanuit die "Christelike denke" oor hierdie sake.

Een van die nuwe teaterstukke wat by die KKNK opgevoer is, dra die naam "Betésda". Dit is gegrond op die verhaal in die Bybel oor die bad van Betésda (in Joh 5) waar siek mense rondom die bad gelê en wag het totdat 'n engel die water roer en wie dan

eerste in die water is, word gesond. Die skrywer en regisseur van hierdie stuk (Nicola Hanekom) het dit omskep in 'n moderne drama, met aanhaling van Bybeltekste, wat egter 'n parodie is op die Bybelse verhaal en 'n nuwe boodskap het. Die stuk word opgevoer langs die munisipale swembad van Oudthoorn. In hierdie stuk pleeg die Hindi-engel aan die begin van die stuk selfmoord en is die "lewensredder" 'n kwak wat hom verlustig in ander se weerloosheid (aanhaling uit *Die Burger*).



In 'n onderhoud met *Die Burger* (van 3 Maart 2010) sê Nicola Hanekom: "Die soort teater waarvan ek hou, is iets wat mense op geestelike vlak aanraak en 'n tipe verskuiwing vir hulle veroorsaak. Dit moet iets wees waar jy mense in die oomblik inbring, waar jy hulle laat beseef hulle leef nê nou". "Die stuk speel op 'n sekere vlak in die wêreld van rituele af – partykeer is dit so 'n bietjie soos om in 'n beswyming in te gaan. Jy gaan op reis in die donker wêreld van Betésda". Sy het onlangs ervaring in Nederland opgedoen, waar volgens haar die teaterstukke nie juis 'n duidelike verhaal het nie, maar "alles vrye assosiasie is. Daar is dikwels geen storielyn nie, dis alles net *spectacle*".

Die taalstuk wat deur die groep "Argitekbeke" opgevoer word as "hipopera" dra die naam "Afrikaans". Dit is die soort Afrikaans

wat op die Kaapse Vlakte gepraat word en wat ongeveer 30% Engelse woorde bevat. Die gedagte is dat die Afrikaanse taal deur die Genootskap van Regte Afrikaners aan die einde van die 19^e eeu gekaap is deur die blankes, maar dat dit eintlik die taal van die Kaapse Vlakte is, wat steeds besig is om te verander. Hierdie "Afrikaans" is op die oomblik uitgesluit van die Afrikaanse taaldebat, maar dit is beslis "woelag" en "liewendag", sê die manne van Argitekbeke, en hulle wil dit graag bevorder tot op amptelike vlak.

Die KKNK wil duidelik mense tot nadenke bring en 'n leiersrol vervul in die ontwikkeling van die kultuur van die Afrikaanse taalgroep. Dit stuur in die rigting van verwerping van die tradisionele Afrikaanse kultuur, fatsoen, norme en waardes. Op sigself is 'n kritiese herbesinning van 'n volk se kultuur gesond. Maar op die KKNK kan 'n mens waarneem dat daar wegbeweeg word van die tradisionele basis van die Afrikaner-kultuur, die Bybel as die gesaghebbende en normatiewe Woord van God. In die plek daarvan kom daar 'n basis van menslike waardes waar die gevoelsmatige en verstandelike van die mens uiteindelik die norm gaan wees. Hierin sien 'n mens 'n eenstemmigheid tussen die moderne kunstenaars en die moderne teoloë, wat die Bybelse Waarheid bevraagteken soos Pilatus, en dit vervang met 'n subjektiewe waarheid wat maar net 'n beleving van die oomblik hoef te wees.

Hierdie gedagtes en denkrigtings word ywerig deur nuwe profete uitgedra, met duidelike ondersteuning vanuit die Afrikaanse media (hoe skokkender en hoe meer sensasioneel hoe beter). Hierdie kunstefeeste sal die Afrikaner-kultuur beïnvloed en die

sekularisering (verwêreldliking) daarvan bevorder. Die groot massa wat God-loos, Bybelloos, kerkloos of kerklos geraak het, sal as eerstes meegesleur word.

Daarom moet ons waaksaam wees dat hierdie denk- en leef-

wêreld ons en ons kinders nie meesleep nie. Ons moet wel krities wees oor ons kultuur, maar ook waaksaam dat 'die huis nie leeggemaak word van een onreine gees en dan gevul word met verskeie onreine geeste nie'. Sensasionele kunstefeeste soos die KKNK dra beslis nie by tot die

bevordering van 'n Bybels-Christelike Afrikaanse kultuur nie. Laat ons eerder kunste vanuit 'n Christelike basis en ingesteldheid ondersteun en beoefen.

Hans Moes is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.

Reaksie op: Is Gereformeerdes nog relevant in die 21ste eeu?

Reaksie

Geagte Redaksie,

Die vraag wat die skrywer in bogenoemde artikel (*Kompas*, Jaargang 18, no. 11, November 2009 deur Gerard Hagg) aan die orde stel, is op sigself baie relevant. Dit behoort volgens die skrywer "tot selfondersoek te lei.

Dit roep ons op tot besinning of ons oortuigend as Gereformeerdes wil lewe".

Van hierdie kritiese selfondersoek is daar ongelukkig min terug te vind in die artikel. Die artikel verval in algemene waarhede en eindig met 'n opmerking dat die vraag nie allereers is of ons nog relevant *is* nie, maar of ons ons relevansie *wil uitlewe*.

As sulks word die vraag nie eens beantwoord nie – die uitkoms word vooropgestel en die betoog is allermins krities.

Omdat ons die gesprek tog baie belangrik vind vir ons persoonlike en kerklike lewe, wil ons deurlopende gesprek en verdere nadenke stimuleer deur n.a.v. die inhoud van die artikel enkele kritiese vrae te stel.

- *Volgens br Hagg lewe ons in 'n post-moderne wêreld. "Nog nooit het ons besef hoe min ons weet" en "Vroue op die preekstoel, vrye gebruik van dwelmmiddels, huwelike tussen mense van dieselfde geslag" – elkeen besluit self wat reg is... "Herken u hierdie samelewing?" Is ons in hierdie veranderende wêreld nog relevant?*

Br Hagg se hoofargument is dat Gereformeerdes altyd bekend was vir hul geloofsekerhede, maar nou in 'n wêreld lewe waarin die mens wetenskaplik al hoe minder weet en waarin elkeen vry

is om te besluit wat reg is. In so 'n veranderde wêreld kom Gereformeerdes met hul sekerhede in 'n krisis.

Maar is dit 'n ware beeld van hoe dit was en nou geword het?

Was Gereformeerdes werklik altyd bekend vir hul sekerhede? Of was eie oorskating (enigste ware kerk) en 'n kritiese opstelling na buite dalk net 'n valse skynsel van sekerheid, veroorsaak deur skeefgroei in die paar dekades na die tweede wêreldoorlog, maar in wese allermins tipies van Gereformeerde-wees?

En wat die samelewing betref, is daar regtig 'n verband tussen vroue op die kansel, dwelmgebruik en homo-huwelike? Meer nog, plaas hierdie dinge ons Gereformeerde relevansie werklik onder druk?

Ons is van mening dat die relevansie van Gereformeerde-wees (in die VGKSA, om nou spesifiek te wees) nie deur hierdie tendense bedreig word nie, maar dat dit dalk eerder onder druk gekom het deur:

- 'n introspektiewe 'hoe-word-ek-salig' geloof wat meer gerig is op eie saligheid en sekerheid as op God en Sy werk in hierdie wêreld
- 'n gemaksone binne 'n eie immigrante subkultuur wat soms sektariese afmetings aanneem
- gewone verwêreldliking soos in alle Christelike kerke wêreldwyd opgemerk word waardeur die kerk soos die wêreld begin lyk en haar relevansie gaandeweg verloor

- *"Ook moet die ou Bybeluitleg plek maak vir eietydse kultuursensitiewe eksegesi"*

Van wanneer af beteken 'Gereformeerd' die behoud van die oue? Beteken dit nie juis die teenoorgestelde nie?! In plaas van 'n bly by die uitleg van die vaders gaan ons as Gereformeerdes steeds weer terug na die Skrif. Dan neem ons kennis van die voorgangers se eksegeses, maar ons voel ons nooit gebonde daaraan nie. Bind ons ons wel daaraan, lei dit tot 'n verstikende klimaat van tradisionalisme en konservatisme. Goeie voorbeelde van eietydse eksegeses kan u vind in die derde reeks van 'Commentaren op het Nieuwe Testament' onder redaksie van Van Bruggen, waarin daar soveel nuwe eksegeses na vore kom.

- 'n Laaste vraag, meer terloops en minder aandag werd as die voorafgaande, maar tog belangrik in die Suid-Afrikaanse konteks: wat word bedoel met die versamelnaam 'Gereformeerdes'? Bedoel br Hagg die breë gereformeerde stroming wêreldwyd, of verwys hy na die VGKSA? Of dalk na alle Gereformeerde kerke in ons land, insluitend die VGKSA?

Hoe krities kan 'n artikel oor die relevansie van Gereformeerde-wees wees en hoe kan dit lei tot selfondersoek, as dit in die eerste plek onduidelik

is aan wie die oproep gerig is? En hoe kan 'n artikel gevolgtrekkings maak oor relevansie sonder dat dit 'n grondige evaluering bevat wat uiteraard eerlike en objektiewe kritiek insluit? Hierdie artikel sus ons met algemeenhede en stellings soos: "die Gereformeerdes se betekenis vir die wêreld word vanuit die hemel gegee: ...daar wag 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde".

Is hierdie verwagting dan eksklusief tot Gereformeerde-wees? Is dit nie maar die verwagting van alle Christene op aarde nie? Hierdie verwagting bepaal tog nie die betekenis en relevansie van spesifiek Gereformeerdes nie?

Is gereformeerdes vandag nog relevant? Om die vraag te stel is goed. Maar die antwoord is akademies en verwarrend, en sus lesers verder aan die slaap.

*Addy van der Lugt
Anne Groenwold*

~ ~ ~ ~ ~

REPLIEK

Geagte Redaksie,

Allereers my waardering vir die reaksie, wat aantoon dat die broeders saam oor hierdie belangrike saak wil nadink.

Laat ek met die laaste vraag begin: vir wie is die artikel geskrywe, en wat word bedoel met die versamelnaam 'Gereformeerdes'? Die antwoord hierop sal ook my reaksie op sommige kritiekpunte bepaal. By die skrywe is uitgegaan van die breë begrip Gereformeerdes, soos in die VGKSA, die VGK, selfs NG'ers en Nederlandse lesers wat ernstig gereformeerd wil wees. Intekenaars op *Kompas* kom immers uit al hierdie kerke? Aanneme van hierdie doelgroep beteken dan ook dat ons verder moet kyk as die 'bedreigings' van VGK Gereformeerde wees, soos brs Van der Lugt en Groenwold dit noem. Ek stem saam dat hierdie bedreigings binne die VGKSA reëel is, en dat ons ernstig daarvoor moet besin. Die breër lesersgroep het inderdaad te doen met 'n (kerk)wêreld waarin vroue op die preekstoel en huwelike tussen mense van dieselfde geslag toenemend aanvaar word – vergelyk die debatte in

die NGK en GKSA. Wanneer ons die tendense binne die GK Vrijgemaakt in Nederland ontleed, word hierdie sake al hoe meer aan die orde gestel en verdedig. Ek is oortuig dat dit ook nie aan die VGKSA sal verbygaan nie. Wat die verband tussen die verskillende tendense betref, dink ek dat die sentrale oortuiging in die post-moderne tyd is dat die 'ek-' en 'my-gevoel' die maatstaf is. Die mens wat sentraal in sy Godsbelewing staan, is vir ons nie vreemd nie. Die artikel is as die begin-artikel in die bepaalde *Kompas* geskrywe. Daarom is die artikel hoofsaaklik 'n omskrywing van die breë beginsels van Gereformeerde-wees (vgl. die "sola's"), eerder as 'n praktiese uitwerking. Om te leef uit die beginsels van God se Woord bepaal m.i. die relevansie van Gereformeerde-wees, eerder as ons antwoorde op al die vraagstukke van ons tyd. Die uitwerking van die beginsels word hier en daar in die artikel genoem, en as ons eerlik hieroor besin, behoort daar 'n selfkritiese blik te kom.

Die gevaar bestaan inderdaad dat die artikel algemeen en 'akademies' geword het, maar praktiese uitwerkings word tog deurgaans in die artikels in *Kompas* beskrywe? Daarom was my benadering minder polemies, en kon dit inderdaad eindig op 'n

punt wat hoofsaaklik *bevestig* wat die Gereformeerdes altyd geglo het: dat hulle taak (relevansie) in die wêreld vanuit die hemel bepaal word, en dat gehoorsaamheid gevra word. En omdat al ons werk altyd onvolmaak is, word ons ook gemotiveer deur ons verwagting van 'n nuwe hemel en aarde, waar ons werke ons sal volg. Dit is hierdie, en ander geloofsekerhede, wat die Gereformeerdes altyd sekerheid gegee het, al stem ek saam dat dit seker dikwels tot skeefgroei of selfversekerdheid gelei het. Hierdie sekerhede is ook eeue gelede verwoord in die belydenisskrifte, wat grootliks bepalend is vir die hermeneutiek. Omdat lg. woord vir baie lesers 'n moeilike term is, het ek dit toe maar 'ou Bybeluitleg' genoem. Tradisionalisme is inderdaad 'n groot

gevaar en ontken die aard van die lewende Woord. Ons mag God dankbaar wees dat Hy telkens weer nuwe eksegete soos prof Van Bruggen gee. Sy hermeneutiek sluit inderdaad aan by die 'ou' generasies, dit in teenstelling met die nuwe hermeneutiese benadering van baie ander teoloë uit ons 'Gereformeerde' kerke.

Ten slotte, die kritiek is baie sinvol, en verskeie punte wat genoem word, behoort beslis in 'n volgende artikel aandag te kry.

Dr G Hagg

ADVERTENSIES



GORDONSBAAI - HOOGGENOEG

3 slaapkamer vakansiehuis vir 4-5 persone met uitsig op see en berge. Vir verdere inligting en besprekings kontak ons by:
jettysalomons@telkomsa.net
082 320 6577 of 021 856 0736
Piet en Jetty Salomons



selfsorg-eenheid vir maksimum 4 persone. Volledige inligting beskikbaar op www.wheretostay.co.za/onthebalcony/ of ingridkl@iafrica.com of 021 910-2260
Gert & Ingrid Klapwijk



Prokureurs, Notarisse en Aktevervaardigers

- Eiendomsreg
- Opstel van koopvooreenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of
Johan Hurter
Telefoon 012-664-0708
of epos.willie@hurterspies.co.za

Koste vir die plasing van advertensies:

Vol bladsy :	R 480
Driekwart bladsy :	R 360
Twee-derde bladsy :	R 320
Halwe bladsy :	R 240
Een derde bladsy :	R 160
Een kwart bladsy :	R 120
Een agste bladsy :	R 60
Een sestiende bladsy :	R 30

BOEKENUUS

NUWE PUBLIKASIES:

Oppad na Emmaus / HG van der Westhuizen

Die subtitel van hierdie boek is: *DIE CHRISTUSUITSIG VAN DIE OU TESTAMENT.*

"Jode en ook baie Christene byt liggies, indien enigsins, aan die standpunt dat Jesus Christus in die Ou Testament aangekondig word. In Suid-Afrika word hierdie tendens veral sedert die Nuwe Vertaling van die Bybel (NAV-1983), soos ook blyk uit die nuwe Liedboek (2001), sterk nagevolg.

Dit is al geruime tyd, selfs voor die Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel (NAV), dat van die Bybelwetenskaplikes aan studente leer dat daar van Christus so te sê niks in die Ou Testament is nie; dat daar nie 'n eenheidsband tussen die twee testamente van die Bybel is nie; en dat daar selfs tussen hoofstukke en perikope van bepaalde boeke in die Bybel geen eenheidsband is nie. CHRISTUS IS EGTER DIE BASIESE EENHEID VAN DIE WOORD!"

Hierdie boek bied aan individue en Bybelstudiegroepe 'n groot hulpmiddel by die behandeling van hierdie besondere tema: Christus in die Ou Testament / die Ou Testamentiese Messiasverwagting. Dit is terselfdertyd ook 'n apologie teen die gees van die tyd waar baie Bybelwetenskaplikes nie die eenheid tussen die Ou en Nuwe Testament aanvaar nie.

(177 bladsye – R 125)

En Route. A daily christian devotional / Clarence Stam

'n Dagboek vir elke dag, nuut uit die pen van ds Clarence Stam, emeritus predikant van die Canadian Reformed Church in Hamilton, Kanada. Bybelgedeeltes is geneem uit Genesis, Rigters, Jesaja, Mattheüs, Markus, Lukas, Handeling en Galasiërs. Elke oordenking sluit 'n Psalm en punte vir bespreking in.

(390 bladsye – R 185)

Handelingen I / M van Veelen

'n Werkboek by Handeling 1-12. Die groot tema in die Bybelboek Handeling is die verspreiding van die evangelie. Die eerste gedeelte van hierdie Bybelboek lê die gronslag vir die vervolg. Ds Van Veelen gee 'n vers- vir-vers verklaring van Handeling 1-12, maar spreek ook sekere temas aan, byvoorbeeld: die heilsfeite van Hemelvaart en Pinkster; die breuk in die kerk – ware Israel en Jodendom; die verspreiding van die evangelie na Samaria en die heidene. Geskik vir gebruik deur Bybelstudieverenigings. Uitgegee deur De Vuurbaak in samewerking met De Gereformeerde Bijbelstudiebond.

(158 bladsye – R 155)

Jakobus. Brief van 'n broer / L Floor

Die nuutste deel in die reeks "Verklaring van die Heilige Skrif". Hierdie boek is 'n vertaling van die verklaring van die boek Jakobus in die Nederlandse reeks: Commentaar op het Nieuwe Testament (CNT). Uitgegee in sagteband wat dit bekostigbaar maak vir almal.

(264 bladsye – R 125)

Living under the sun / Clarence Stam

'n Reeks preke oor die boek Openbaring.

"This bible book is difficult to understand but it has a very plain message: because of sin all of life is meaningless without Jesus Christ".

(115 bladsye – R 120)

FOLMER BOEKHANDEL

Laseandrallaan 115, Môregloed, 0031

Tel/faks: 012 333 8064

epos: folmerpta@telkomsa.net

**Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)**

Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Dr Gerard Hagg
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 0127
Faks 086 651 9719
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:

Printburo (telnr 012 335 9134)

Redaksie:

Prof Hans Boon (eindredakteur)
Jan de Mooij
Kees Roose
Willemien Kleijn
Irene van der Meer
Arnoud van den Bout

Subredakteurs:

Gesin & Opvoeding:
Petrie Eefting
Venster op die Bybel:
Ds Jopie van der Linden
Elders Gelees:
Ds Erik van Alten
Samelewing & Politiek:
Willie Spies
Wetenskap & Tegnologie:
Lodewijk IJlst
Geskiedenis & Kerkgeskiedenis:
Ineke Roose
Sending & Evangelisasie:
Jan de Mooij
Kuns & Kultuur/Resensies:
Jenny Boon
In Pers-pektief:
Hans Moes
Onderhoude/Verslae:
Tanya de Vente-Bijker

Redaksieadres:

Cunninghamlaan 1301
Waverley 0186
e-pos : kompas@vgk.org.za

Advertensies:

Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:

Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode : 16 03 45
Reknr : 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):

RSA per e-pos : R55
RSA per hand : R110
RSA per pos : R150
Buiteland per e-pos : €10
Buiteland per seepos : €30
Buiteland per lugpos : €40

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- **Ds C Kleijn :**
Corneliusstraat 1071, Panorama, A H, Weltevredenpark 1709; tel 011 679 1646 / dskleijn@vgk.org.za
- **Rev BA Matlaela :**
Soshanguve Noord; tel 073 241 9963
- **Rev T Mogale :**
19675 Phathudistr, Mamelodi-Oos 0122; tel 012 801-7937 / kgwadumogale@vodamail.co.za
- **Ds HH van Alten :**
Walterlaan 1295, Waverley 0186; tel 012 332-3256 / hhvanalten@vgkmaranata.org.za
- **Ds E Viljoen (leenpredikant vir 2010):**
Koedoestraat 33, Bethal 2310; tel 017 647 6881 / 084 440 2428
emyn04@gmail.com

Sendelinge in diens van die kerke is:

- **Ds DM Boersma :**
Hibiscusstraat 54, Chantelle 0182 tel 012 549-3668 / dmbuersma@vgkmaranata.org.za
- **Ds PG Boon :**
Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186; tel 012 332-1028 / pgboon@vgkmaranata.org.za
- **Dr JA Breytenbach :**
Blackwoodstr 12, Bellair, Bellville 7530; tel 021 919-4215 / hmbreytenbach@gmail.com
- **Ds T de Boer :**
Mantova 30, Aerangisstraat, Môregloed 0186; tel 012 333-5602 / tdeboer@vgkmaranata.org.za
- **Rev MP Magagula :**
575 Blok GG, Soshanguve 0152; tel 012 798-1553 / magagula@telkomsa.net
- **Rev J Mhlanga :**
Kerkgebou, 624 Blok WW, Soshanguve-Suid; tel 012 791-0983 / jmhlanga@vgkmaranata.org.za
- **Rev GF Mnisi**
Soshanguve; tel 072 237 2412



Die Kompas is nou ook beskikbaar in audio-formaat (cd of MP3). Kontak gerus Willemien Kleijn op 0761896206 of wkleijn@gmail.com indien u belangstel om dit te ontvang. Die MP3's sal ook beskikbaar wees op ons webwerf: <http://kompas.vgk.org.za/>.

